# HOËRSKOOL MONTANA

## DIÉ BAKEN VAN GROEI EN GELUK

GLO EN WERK

# PROSPEKTUS 2026



# elke Montie los 'n SPOOR

#MontiesVOETSPORE

**PUREMONTANA**

Waar die pad na uitnemendheid begin

## MEER AS NET 'N SKOOL - 'N SLIM BELEGGING IN JOU KIND SE TOEKOMS!

By Hoërskool Montana kry ouers **uitstekende waarde vir hul skoolfonds,** aangesien dit baie meer insluit as net klasbywoning. Vir 'n **bekostigbare bedrag** kry leerders toegang tot:

- **UITSTEKENDE AKADEMIESE ONDERRIG** DEUR ERVARE EN TOEGEWYDE ONDERWYSERS.
- **GRATIS EKSTRA KLASSE** VIR ALLE VAKKE, ASOOK STUDIEMETODEKLASSE EN INTERVENSIEPROGRAMME.
- **'N WYE VERSKEIDENHEID SPORTSOORTE** MET ERVARE AFRIGTERS EN DEELNAME AAN TOP LIGAS EN TOERNOOIE.
- **UITGEBREIDE KULTUUR- EN VERRYKINGSAKTIWITEITE,** INSLUITEND DEBAT, REDENAARS, WETENSKAP-EKSPO'S EN OLIMPIADES.
- **MODERNE FASILITEITE,** INSLUITEND GOED TOEGERUSTE KLASKAMERS, WETENSKAP- EN REKENAARLABORATORIUMS, SPORTVELDE EN 'N SWEMBAD.
- **TOEGANG TOT PROFESSIONELE LEERDERONDERSTEUNING,** INSLUITEND STUDIEKEUSE-BEGELEIDING EN EMOSIONELE ONDERSTEUNING.
- **STERK DISSIPLINE EN LEIERSKAPSONTWIKKELING** DEUR DIE VLR EN JUNIOR STADSRAAD.
- **'N AKTIEWE GEMEENSKAPSPROGRAM (MONTIES GEE OM)** WAT LEERDERS LEER OM 'N VERSKIL TE MAAK.
- **'N UNIEKE MONTIE-GEES EN RYK TRADISIES** WAT 'N POSITIEWE, ONDERSTEUNENDE SKOOLERVARING VERSEKER.

**By Montana kry ouers dus uitstekende waarde vir geld, sonder buitensporige kostes en leerders kry 'n gebalanseerde, hoëgehalte skoolervaring wat hulle voorberei vir die toekoms.**

# VISIE

**DIÉ BAKEN VAN GROEI EN GELUK IN DIE GEMEENSKAP.**



# MISSIE

**Die opvoeding van leerders tot verantwoordelike individue met 'n impak op die toekoms deur:**

- **Die handhawing, beskerming en bevordering van:**
  - gemeenskapsgesentreerdheid;
  - hoë kwaliteit onderrig en akademiese standaarde;
  - presterende buite-kurrikulêre aktiwiteite
- **Die uitbou en uitleef van die bestaande:**
  - karakter en etos van die skool
  - leuse van die skool
  - vennootskap tussen die skool en sy gemeenskap
- **'n Skoolomgewing te vestig waar elke leerder gelukkig kan wees.**



# KERNWAARDES

**INTEGRITEIT:** Ons benader elke kind en taak met die hoogste agting, totale eerlikheid, opregtheid en professionaliteit.

**UITNEMENDHEID:** Ons strewe na voortreflikheid op akademiese-, sport- en alle ander lewensterreine. Daarom leef en werk ons toegewyd aan ons taak om met trots die hoogste sport te bereik.

**KREATIWITEIT:** Ons is deelgenote in die toekoms, styl, ideale en visie vir ons skool. Dus neem ons eienaarskap en verantwoordelikheid om elke uitdaging met visionêre denke saam die hoof te bied.

**GELOOFSWAARDES:** Ons kernkarakter is aanvaarbare geloofswaardes soos deur die gemeenskap bepaal.

# EREKODE VAN MONTIE-LEERDERS

In Montana is jy deel van 'n sterk gemeenskap met ware skoolgees en waardes waar jy kan groei en gelukkig wees.
- Kaylen Albert



- Ons gee die ereplek aan God en Sy Woord in ons lewe en streef ons etiese lewensbeginsels na.
- Ons staan vir ons Land en ons Nasie en verdedig dit met hart en siel.
- Ons dien ons skool getrou en handhaaf sy goeie naam met woord en daad.
- Ons streef daarna om vriendelik, hulpvaardig en diensvaardig te wees teenoor ons medemens, veral teenoor die swakkeres en eensames.
- Ons gehoorsaam en respekteer ons ouers en onderwysers en gedra ons hoflik teenoor ons gelykes, ons meerderes en minderes.
- Ons glo dat elke mens 'n lewenstaak het om te vervul; daarom woeker ons met die talente wat aan ons toevertrou is.
- Ons streef daarna om te alle tye en onder alle omstandighede gedissiplineerde, koersvaste Landsburgers te wees.
- Ons woord is ons eer.
- Ons is daarop gestel om onsself, ons werk en ons omgewing netjies en skoon te hou.
- Ons glo dat sukses geleë is in die presiese, korrekte en nougesette uitvoering van opdragte.
- Ons glo dat integriteit die hoeksteen vorm van wysheid.





The passion that lives within the Monties is unmatched. There will always be a Montie ready to lift you up when you're down. It's the best school in our district - come and find out why!
- Logan van Wyk





# SIMBOLIEK VAN ONS SKOOLWAPEN

| | |
|---|---|
| **By:** | Hardwerkendheid. Verbintenis met Pretoria se stadswapen waarop bye voorkom. |
| **Hoekige skildhoof:** | Simboliseer die Magaliesberg suid van die skool. Simboliseer die noodsaaklike verhouding tussen ouer, kind en onderwyser. |

GLO EN WERK



# DIE MONTIEKORF GROEI UIT SY NATE

## 1702 LEERDERS KIES OM HIER TE WEES

Die droom van 'n nuwe hoërskool het op 1 Oktober 1980 'n werklikheid geword. Op 11 Desember 1980 is agt klaskamers en 'n laboratorium in gebruik geneem, en op 7 Januarie 1981 het die skool sy deure amptelik geopen met 'n halfvoltooide gimnastieksaal, 285 leerders en 16 personeellede.

**Die skool se groei was merkwaardig:**


- 1983: Die leerdertal styg na 609 en die standerdgroepe is volledig.
- 2002: Die skool bereik 'n leerdertal van 831.
- 2010: Die skool groei tot 1 428 leerders, met 301 graad 8's.
- 2012: Hoërskool Montana word tot die hoogste moontlike vlak (P5) gegradeer.
- 2013: Die leerdertal styg verder tot 1 462.
- 2016: Die 1 600-kerf word oorgesteek!
- 2025: Op die tiende skooldag staan die leerdertal op 1 695.
- 2026: Op die tiende skooldag staan die leerdertal op 1 700.

Die afgelope paar jaar het die skool jaarliks 'n rekordgetal van meer as 1 000 graad 8-aansoeke ontvang - 'n bewys van Hoërskool Montana se groeiende gewildheid, al is daar net plek vir net meer as 300 nuwelinge per jaar.

Dit is letterlik my tweede huis - die onderwysers gee om, laat ons spesiaal voel en help altyd waar nodig. Montana is een groot familie.
- Jayden Busacker

**OM 'N MONTIE TE WEES IS 'N VOORREG!**

## GROEI IN LEERDERTAL




## FASILITEITE

Hoërskool Montana beskik oor uitstekende fasiliteite wat voortdurend uitgebrei en verbeter word. Die instandhouding van ons geboue en terrein geniet hoë prioriteit en ons is uiters trots op ons pragtige skoolomgewing.

**TANS BIED ONS DIE VOLGENDE GERIEWE:**

**AKADEMIESE FASILITEITE:**

- Moderne klaskamers toegerus met dataprojektors en internettoegang
- Vier rekenaarsentrums
- Vyf goed toegeruste laboratoriums
- Siviele Tegnologiesentrum
- Dramaklasse
- 'n Konferensielokaal

**SPORTFASILITEITE:**

- Hoëgehalte sportvelde en -bane met spreiligte en tartan-aanlope vir sekere velditems
- Opgegradeerde tennis- en netbalbane
- Die eerste astro-hokkiebaan in die noorde van Pretoria - met spreiligte
- 'n Opgegradeerde, volledig toegeruste gimnasium vir alle sportkodes, met die vooruitsig van 'n splinternuwe, moderne fasiliteit wat tans in beplanning is.
- Buite-gimnasium
- 'n Sesbaan, verhitte swembad - 'n High Performance Academy vir SA Swem
- 'n Fisioterapeut en kondisioneringspesialis op die terrein
- Sportkantore op die boonste vlak van die kafeteria
- 'n Krieketsentrum met vier binnenshuise krieketnette en 'n onthaalarea op die boonste vlak
- Die Sportkorfwinkel, waar ons nuwe sportklerereeks beskikbaar is
- Spreiligte by die krieketveld

**ADDISIONELE GERIEWE:**

- Moderne kafeteria - *Die Korf* - met 'n pragtige uitsig oor die rugbyveld en astro-hokkiebaan
- *Montie-Pharus* (Montie-baken) – 'n nuwe tradisie vir graad 8- en graad 12-leerders
- Onthaallokaal
- 24-uur beheerde toegang tot die skoolterrein
- 'n Veeldoelige saal
- Sekuriteitskameras vir verhoogde veiligheid
- 'n Reënwateropgaarstelsel met 'n opgaardam
- 'n Kragopwekker vir ononderbroke kragtoevoer
- Herwinningsarea vir papier en karton



Jy kan deel in die trots van jou skool en daar is elke dag iets om na uit te sien. Montana presteer met die perfekte balans tussen sport, kultuur en akademie. Kom ervaar self hoe ons teen die beste skole kompeteer.
– Francois Sprong

Montana gee jou die kans om jou talente te ontdek en jou beste self te wees.
- Mienke Strydom

Die beste deel van 'n Montie wees, is die voordele wat jy by Hoërskool Montana kry - kwaliteit onderwys, sterk vriendskappe en ware geluk. Die ervaring is eenvoudig die beste.
- Lizé Kruger

**Neem gerus 'n virtuele toer om ons indrukwekkende terrein en fasiliteite te besigtig: http://360virtualtours.co.za/hsmontanapretoria/index.html**

DIS 'N VOORREG OM 'N MONTIE TE WEES

# AKADEMIE

By Hoërskool Montana leef ons volgens ons leuse: "GLO EN WERK" - 'n riglyn wat ons leerders gedurende hul hoërskoolloopbaan inspireer en uiteindelik deel van hul persoonlike suksesverhaal maak. Hierdie toewyding tot geloof in hul vermoëns en harde werk weerspieël jaar ná jaar in ons uitmuntende matriekuitslae en akademiese prestasie van die skool in geheel. Monties handhaaf keer op keer hul reputasie as die #1-skool in die distrik, met uitstekende vakprestasies en hoë universiteitstoelatingskoers. Hier bou ons 'n kultuur van vasberadenheid, deursettingsvermoë en uitnemendheid - waardes wat ons leerders ver buite die skool se grense saamdra!

**MONTIES 2025 – AKADEMIESE UITNEMENDHEID!**

Hoërskool Montana se matriekklas van 2025 het weereens uitmuntende akademiese prestasies behaal, en ons is ongelooflik trots op hul deursettingsvermoë en harde werk.

**UITSTEKENDE SLAAGSYFER:**

- 295 kandidate het die eksamen voltooi, met 'n 98,64% slaagsyfer en 'n klasgemiddeld van 64,4%.
- 245 leerders (83,05%) het geslaag met universiteitstoelating.
- 37 leerders (12,5%) het diplomavrystelling behaal.

**INDRUKWEKKENDE ONDERSKEIDINGS:**

- 406 A-simbole (Alpha Wiskunde ingesluit)
- 437 B-simbole en 490 C-simbole behaal
- 2 leerders met 8 onderskeidings en 4 met 7 onderskeidings, 4 leerders met 6 onderskeidings, 15 met 5 onderskeidings, 29 met 4 onderskeidings en 21 met 3 onderskeidings

**TOPPRESTEERDERS:**

- Top 10 gemiddeld: 88,2%
- Top 20 gemiddeld: 85,7%
- Drie leerders met 'n gemiddeld bo 90%, 'n verdere 32 leerders bo 80%, en 'n verdere 61 leerders bo 70%.

Want 'n mens is regtig gelukkig hier - jy word raakgesien en maak wonderlike herinneringe saam met vriende en onderwysers.
- Dunay Zovitzkey

## VAKPRESTASIES:

Hoërskool Montana se akademiese uitslae is van die beste in die Tshwane-Noord-distrik, en 2025 was geen uitsondering nie!

## UITBLINKER-VAKKE:

- 16 uit 23 vakke met 'n 100%-slaagsyfer
- 7 vakke met 'n gemiddelde bo 70%
- 6 vakke met 'n gemiddelde bo 60%
- 10 vakke met `n gemiddeld bo 52%

**Beste in Gauteng en Tshwane-Noord:** Elektriese Tegnologie - Digitaal
**Beste in Tshwane-Noord:** Ekonomie
**Tweede beste in Tshwane-Noord:** Afrikaans HT, Afrikaans EAT, English FAL, Toerisme
**Derde beste in Tshwane-Noord:** Inligtingstegnologie, English HL

Wanneer akademiese prestasie beoordeel word, is dit belangrik om vakgemiddeldes binne die regte konteks te lees. Gemiddeldes maak eers sin wanneer deelname, toegang en akademiese uitdaging saam gelees word. Hierdie faktore speel 'n wesenlike rol in hoe resultate tot stand kom.
By Hoërskool Montana word leerders aangemoedig om hul volle akademiese potensiaal te benut deur ook uitdagende vakke te neem. Hierdie breër deelname skep 'n leeromgewing waar groei, deursettingsvermoë en prestasie oor tyd ontwikkel, en dra by tot volhoubare akademiese sukses.

Die skool se slaagsyfers en onderskeidings bly egter indrukwekkend:

**Wiskunde:** 152 leerders | Gemiddeld: 51,7% | Slaagsyfer: 90,1% | 7 onderskeidings

**Fisiese Wetenskappe:** 119 leerders | Gemiddeld: 52,2% | Slaagsyfer: 91,6% | 5 onderskeidings

**Rekeningkunde:** 77 leerders | Gemiddeld: 64,2% | Slaagsyfer: 94,8% | 24 onderskeidings

**Lewenswetenskappe:** 102 leerders | Gemiddeld: 56,7% | Slaagsyfer: 99% | 14 onderskeidings

Hierdie resultate weerspieël `n skool wat nie net fokus op syfers nie, maar op die ontwikkeling van leerders – waar leerders geleenthede tot beter prestasie lei en akademiese groei oor tyd versterk word.







# MONTIE MATRIEKS VAAR UITSTEKEND - JAAR NA JAAR

| JAAR | SLAAG SYFER | AANTAL A-SIMBOLE | UNIVERSITEITS VRYSTELLING | ANDER PRESTASIES |
|---|---|---|---|---|
| 2025 | 98,64% | 406 | 83% | • Top 10 se gemiddeld is 88,2%, die Top 20 se gemiddeld is 85,7%. 3 Leerders behaal 'n gemiddeld bo 90%, 'n verdere 6 leerders behaal 'n gemiddeld bo 85%, 'n verdere 26 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 80%, 'n verdere 28 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 33 kandidate met 'n gemiddeld bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 7 vakke bo 70%, 3 vakke bo 65%, 3 vakke bo 60%, 7 vakke bo 55% en verdere 3 bo 51%; 16 uit 23 vakke behaal 100% slaagsyfer.<br>TOPPRESTEERDER<br>• Toppresteerder in Distrik Tshwane-Noord en Tshwane Circuit 1<br>• Toppresteerder in Distrik Tshwane-Noord in Fisiese Wetenskappe, Wiskunde, Rekeningkunde en Afrikaans HT<br>• Nommer 2-kandidaat in Gauteng<br>• Gauteng toppresteerder in Rekeningkunde<br>• Nommer 2-kandidaat in die land in Alpha Wiskunde |
| 2024 | 98,5% | 268 | 80% | • Top 10 se gemiddeld is 86,1%, die Top 20 se gemiddeld is 83,5%. 1 Leerder behaal 'n gemiddeld bo 90%, 'n verdere 6 leerders behaal 'n gemiddeld bo 85%, 'n verdere 9 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 80%, 'n verdere 29 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 28 kandidate met 'n gemiddeld bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 4 vakke bo 70%, 4 vakke bo 65% en nog 5 verdere vakke bo 60%; 17 uit 23 vakke het 100% slaagsyfer.<br>TOPPRESTEERDER:<br>• Toppresteerder in Distrik Tshwane-Noord<br>• Toppresteerder in Tshwane Circuit 1<br>• Toppresteerder in die distrik in Inligtingstegnologie<br>• Ontvang 'n merietetoekenning van die Visekanselier van die Universiteit van Pretoria |
| 2023 | 98% | 383 | 84,3% | • Top 10 se gemiddeld is 91,2%, die Top 20 se gemiddeld is 87,8%. 8 Leerders behaal 'n gemiddeld bo 90%, 'n verdere 24 leerders behaal 'n gemiddeld bo 80%, 'n verdere 27 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 41 kandidate met 'n gemiddeld bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 2 vakke bo 75%, 4 vakke bo 70% en nog 9 verdere vakke bo 60%; 17 uit 23 vakke het 100% slaagsyfer.<br>TOPPRESTEERDER:<br>• #2-kandidaat in distrik Tshwane-Noord<br>• Beste prestasie in Lewenswetenskappe in Gauteng<br>• Agste beste prestasie in Lewenswetenskappe in Suid-Afrika |
| 2022 | 99,3% | 360 | 91% Meeste in die skool se geskiedenis | • **BESTE SKOOL IN KRING 1 TSHWANE-NOORD**<br>Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (253 - ook persentasiegewys 91%)<br>• Top 10 se gemiddeld is 85,71%, die Top 20 se gemiddeld is 83,6%, die Top 30 leerders se gemiddeldes bo 80%, 'n verdere 31 kandidate behaal gemiddeldes bo 75% en 45 kandidate gemiddeldes bo 70%.<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 1 vak bo 80%, 4 vakke bo 70% en nog 12 verdere vakke bo 60%; 16 uit 22 vakke het 100% slaagsyfer. |

Elke Montie bring 'n unieke waarde en speel 'n belangrike rol in die trots van die skool.
- Esté-Ann van der Nest

Die gees is ongelooflik, met toegewyde onderwysers wat ons uitstekend onderrig. As 'n Christelike skool hou ons Jesus se Naam hoog in alles wat ons doen.
- Reese Beukes

# MONTIE MATRIEKS VAAR UITSTEKEND - JAAR NA JAAR (vervolg)

| JAAR | SLAAG SYFER | AANTAL A-SIMBOLE | UNIVERSITEITS VRYSTELLING | ANDER PRESTASIES |
|---|---|---|---|---|
| 2021 | 99,64% | 370 | 88,92% Meeste in die skool se geskiedenis | • **BESTE SKOOL IN TSHWANE-NOORD** Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (249 – ook persentasiegewys 88,92%)<br>• Top 10 se gemiddeld is 88,01%, die Top 20 se gemiddeld is 85,9%, die Top 30 leerders behaal gemiddeldes bo 80%, 25 kandidate behaal gemiddeldes bo 75% en nog 40 kandidate gemiddeldes bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 6 vakke bo 70% en nog 12 verdere vakke bo 60%; 18 uit 25 vakke het 100% slaagsyfer. 2 Vakke beste prestasie in die distrik |
| 2020 MONTIES SE BESTE JAAR OOIT! | 99,3% | 436 | 88,3% | • **TIENDE BESTE** presterende hoërskool IN GAUTENG – uit byna 900 skole<br>• **BESTE SKOOL IN TSHWANE-NOORD**<br>➢ 99,3% slaagsyfer. 249 Graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang. Die meeste onderskeidings in die distrik (436). Top 3 leerders in die distrik plus nog 4 leerders in die Top 10<br>• **SOS-ERETOEKENNINGS** aan skole regoor Suid-Afrika<br>➢ Top 10-skool vir 34 onderskeidings in Rekeningkunde<br>➢ Top 20-Afrikaanse skool vir 436 onderskeidings (#16)<br>• **WISKUNDE:** 13de in die land. 42 onderskeidings. 100% slaagsyfer<br>• **REKENINGKUNDE:** 7de in die land. 34 onderskeidings. 100% slaagsyfer<br>• **FISIESE WETENSKAPPE:** 20ste in die land. 28 onderskeidings. 96.1% slaagsyfer<br>• **AFRIKAANS HT:** 18de in die land. 33 onderskeidings. 100% slaagsyfer |
| 2019 | 99% | 274 | 78,9% | • Meeste kandidate met universiteitsvrystelling in Tshwane-Noord<br>• Meeste onderskeidings in Tshwane-Noord |
| 2018 | 100% | 353 | 83,9% | • **9DE BESTE** presterende hoërskool IN GAUTENG - uit 902 skole<br>• TOP SKOOL IN TSHWANE-NOORD<br>➢ 100% slaagsyfer<br>➢ Meeste gr. 12-kandidate; wat geslaag het (317), universiteitstoelating ontvang het (266) - ook persentasiegewys 83,9%, asook die meeste onderskeidings in die distrik (353) |
| 2017 | 99,6% | 285 | 77,6% | • Hoogste persentasie universiteitsvrystelling in Tshwane-Noord<br>• Meeste onderskeidings in Tshwane-Noord |
| 2016 | 100% | 346 | 73,5% | **BESTE AKADEMIESE SKOOL IN TSHWANE-NOORD** |
| 2015 | 99,3% | 272 | 70,3% | • Top 16 se gemiddeld is almal bo 80%, met 'n verdere 60 kandidate se gemiddeld bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes: 3 vakke bo 70%; 11 vakke bo 60% |
| 2014 | 100% | 265 | 75,3% | • Top 10 se gemiddeld is 86,75%, die Top 22 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 44 behaal 'n gemiddeld bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 4 vakke bo 70%, 12 vakke bo 60% |
| 2013 | 99% | 188 | 70% | • Top 10 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 48 behaal 'n gemiddeld bo 70%<br>• Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 10 vakke bo 60%, met Visuele Kunste 79,5% |
| 2012 | 100% | 371 | | • TOP 10 SKOOL IN GAUTENG (uit 785 skole) |

**ANDER GRADE SE UITSLAE IS DEURLOPEND VAN DIE BESTE IN TSHWANE-NOORD. 2025 SE GEHEELSKOOL SLAAGSYFER: 98%.**

Die ongelooflike ondersteuning tussen Monties en hoe ons saamstaan, maak Montana besonders. Hier leef ons respek uit, help mekaar en bou sterk verhoudings. Dit is DIE BESTE skool waar jy ware vriende maak.
- Stephan Maritz

## AKADEMIESE UITNEMENDHEID: MEER AS NET 'N PERSENTASIE

By Hoërskool Montana streef ons na uitnemendheid en lewer jaar ná jaar 'n uitsonderlike slaagsyfer. Tog meet ons sukses aan meer as net statistiek – ons fokus op die gehalte van prestasie, die aantal universiteitsvrystellings en hoe goed ons leerders voorberei is vir verdere studies en die werkswêreld.

'n Beduidende aantal leerders kies om sleutelvakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde te neem, met sterk klasgemiddeldes en indrukwekkende slaagsyfers. Ons ondersteun elke leerder om sy of haar volle potensiaal te bereik – of dit nou 'n toppresteerder met sewe onderskeidings is, of 'n leerder wat met deursettingsvermoë 'n persoonlike akademiese mylpaal bereik.

Ware akademiese sukses lê nie net in punte nie, maar in die ontwikkeling van kritiese denke, verantwoordelikheid en lewensvaardighede. Dit is hierdie eienskappe wat ons leerders voorberei vir universiteit, tegniese studies of 'n suksesvolle loopbaan.

By Montana is ons trots daarop dat ons leerders nie net matriek slaag nie – hulle stap die grootmenswêreld met selfvertroue tegemoet.

## VAKKE AANGEBIED: GRAAD 8 EN 9

Agt verpligte vakke word aangebied:

- ✓ Amptelike Eerste Taal **en** Eerste Addisionele Taal
- ✓ Wiskunde
- ✓ Lewensoriëntering
- ✓ Natuurwetenskappe (Fisiese- en Lewenswetenskappe)
- ✓ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Rekeningkunde en Besigheidstudies)
- ✓ Tegnologie
- ✓ Kuns en Kultuur (Kuns, Musiek, Dans en Drama)
- ✓ Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Geografie)

Tydens die vakkeuse-inligtingsweek kry graad 9-leerders die geleentheid om 'n ingeligte besluit te neem wanneer hulle later in die jaar vakkeuses uitoefen. Hulle word blootgestel aan die verskeie vakke wat vanaf graad 10 tot 12 aangebied word, met insiggewende aanbiedings en voorligting deur ervare onderwysers. Hierdie week word afgerond met 'n spesiale vakkeuse-inligtingsaand, waar leerders en hul ouers waardevolle leiding ontvang oor vakkeuses, toelatingsvereistes vir tersiêre instellings en ander belangrike riglyne wat hul loopbaanrigting kan beïnvloed. Dit is 'n deurslaggewende geleentheid wat leerders bemagtig om hul volle potensiaal te bereik.

## VAKKE AANGEBIED: GRAAD 10 EN 12

| ALGEMENE STUDIERIGTING | | | TEGNIESE STUDIERIGTING |
|---|---|---|---|
| VERPLIGTE VAKKE | KIES DRIE VAN DIE VOLGENDE VAKKE | | |
| ✓ Amptelike Eerste Taal<br>✓ Eerste Addisionele Taal<br>✓ Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid<br>✓ Lewensoriëntering | ✓ Fisiese Wetenskappe ***<br>✓ Lewenswetenskappe<br>✓ Rekeningkunde<br>✓ Besigheidstudies<br>✓ Ekonomie<br>✓ Rekenaartoepassingstegnologie<br>✓ Inligtingstegnologie ***<br>✓ Ingenieursgrafika & Ontwerp | ✓ Elektriese Tegnologie: Digitale Elektronika***<br>✓ Siviele Tegnologie: Konstruksie***<br>✓ Toerisme<br>✓ Geografie<br>✓ Geskiedenis<br>✓ Verbruikerstudies<br>✓ Visuele Kunste<br>✓ Dramatiese Kunste | ✓ Afrikaans Huistaal<br>✓ English First Additional Language<br>✓ Lewensoriëntering<br>✓ Wiskunde<br>✓ Fisiese Wetenskappe<br>✓ Ingenieursgrafika en -Ontwerp (IGO)<br>✓ Elektriese Tegnologie: Digitale Elektronika OF Siviele Tegnologie: Konstruksie |

'n Keusevak kan slegs aangebied word indien daar 'n voldoende aantal leerders is wat die vak kies. Dit verseker dat die klas 'n gesonde grootte het vir doeltreffende onderrig.
***Hierdie vakke mag slegs saam met Wiskunde geneem word.
Indien 'n leerder beplan om B.Com Rekeningkunde te studeer, is Wiskunde 'n verpligte vak. Wiskunde vorm die basis vir 'n aantal gevorderde vakke en studiegebiede, en is noodsaaklik vir toegang tot tersiêre instellings in bepaalde studierigtings.

Dit is 'n plek waar jy jouself kan wees sonder om skaam te voel. Montana is ongelooflik pret, met 'n sterk fokus op akademie.
- Petri van Blommestein

## KLASKAMER GETALLE

By Hoërskool Montana handhaaf ons, sover moontlik, kleiner klasgroottes om 'n optimale leeromgewing te skep waar elke leerder die nodige individuele aandag en ondersteuning ontvang.

**AKADEMIESE UITNEMENDHEID** bly ons primêre fokus,maar ons glo sterk in 'n holistiese benadering tot opvoeding. Deur aktiewe deelname aan sport en kultuur kry leerders die geleentheid om hul talente te ontwikkel en belangrike lewensvaardighede soos spanwerk, dissipline en deursettingsvermoë aan te leer.
Leierontwikkeling vorm 'n kerndeel van ons waardestelsel. Ons streef daarna om elke Montie toe te rus met selfvertroue, integriteit en die nodige vaardighede om 'n positiewe en blywende impak in die samelewing te maak.

## BUITE-KURRIKULÊR



By Hoërskool Montana glo ons dat elke leerder die geleentheid moet hê om sy of haar unieke talente te ontdek en ten volle te ontwikkel. Daarom bied ons 'n wye en dinamiese reeks buitekurrikulêre aktiwiteite aan – van sport en kultuur tot akademiese uitdagings – en moedig ons aktiewe deelname entoesiasties aan. Ons streef daarna dat elke leerder hierdie geleenthede sal aangryp om te groei, te leer en nuwe vaardighede te bemeester.
Buitekurrikulêre betrokkenheid vorm 'n integrale deel van 'n gebalanseerde opvoeding. Dit bevorder nie net fisiese en emosionele welstand nie, maar vestig ook belangrike waardes soos spanwerk, selfdissipline en deursettingsvermoë. Ons erken en vier leerders se prestasies – ook dié wat buite die skoolverband bereik word – en ondersteun hul deelname in verskeie sfere.
Ouerbetrokkenheid is 'n onmisbare deel van hierdie proses. Ons nooi ouers uit om aktief deel te wees van hul kinders se skoolreis. Saam skep ons 'n omgewing waar elke Montie die geleentheid kry om te groei, sy of haar potensiaal te bereik en werklik uit te blink.

## KULTUUR

### 'N OASE VAN GELEENTHEDE

Hoërskool Montana is 'n kultuur-oase waar leerders 'n volledige metamorfose ondergaan. Hier ontdek hulle nuwe talente en drome, kry die geleentheid om dit uit te leef, hul horisonne te verbreed en opregte vreugde te ervaar, terwyl kreatiwiteit gedy. Kreatiwiteit blom in elke aktiwiteit, en ons sien hoe Monties die skool verlaat met 'n selfvertroue wat oorloop – méér as waarmee hulle ingestap het. Hierdie gebalanseerde ontwikkeling gaan hand aan hand met 'n diep gevoel van vreugde en vervulling. Vanaf hierdie jaar bied ons kwartaalliks 'n spesiale "Montie Showcase" aan – 'n geleentheid waar ons met ons leerders se ongelooflike talent spog. Hierdie platform gee elke Montie die kans om hul kreatiwiteit ten toon te stel en erkenning vir hul harde werk te ontvang.
Leerders het die geleentheid om hul kreatiwiteit en talent in 'n verskeidenheid aktiwiteite uit te leef:




Monties staan altyd saam as een en laat jou deel voel van iets groter. Jy word gemotiveer om jou beste self te wees in sport, kultuur en akademie - waar sterk kompetisie jou laat groei.
- Estiaan van den Heever

*Elke Montie kry die kans om deel te neem en hul volle potensiaal te bereik.*
***Hier leef ons kultuur, en hier floreer talent!***

Hoërskool Montana is 'n ware kultuuroase waar leerders 'n merkwaardige groei- en ontwikkelingsreis beleef. Hier ontdek hulle nuwe talente en drome, kry die ruimte om dit uit te leef, hul horisonne te verbreed en opregte vreugde te ervaar terwyl kreatiwiteit floreer. Monties verlaat ons skool met groter selfvertroue as waarmee hulle ingestap het, omdat ons glo dat gebalanseerde ontwikkeling onlosmaaklik verbind is aan ware geluk en vervulling.
Kreatiwiteit vind uitdrukking in elke aktiwiteit. Ons sien hoe leerders groei, hulself ontdek en met oortuiging vorentoe beweeg. Hierdie ontwikkeling gaan hand aan hand met 'n diep gevoel van trots, vreugde en persoonlike vervulling.
Ons bied kwartaalliks 'n spesiale Montie Showcase aan – 'n inspirerende platform waar ons ons leerders se besondere talente vier. Hierdie geleentheid gee elke Montie die kans om hul kreatiwiteit ten toon te stel en erkenning te ontvang vir hul toewyding en harde werk.
Leerders kan hul talent en kreatiwiteit in die volgende aktiwiteite uitleef:

**DRAMATIESE KUNSTE & TONEEL**
- ATKV-Tienertoneel
- Drama
- Revue
- Toneelfees
- Montie Artés
- Kunsuitstalling
- Showcase

**GEMEENSKAPSBETROKKENHEID**
- CSV
- Voortrekkers

**MUSIEK & VISUELE KUNSTE**
- Koor
- Kunswedstryde en Eisteddfods
- Skryfkompetisies

**REDENAARS & DEBAT**
- Debat
- Public Speaking
- Redenaars
- Oratorsfees



*By Hoërskool Montana kry elke Montie die geleentheid om deel te neem, te groei en hul volle potensiaal te bereik.* ***Hier leef ons kultuur met oorgawe – en hier floreer talent.***

**ATKV-TIENERTONEEL:** Die skool skryf jaarliks 'n toneelgroep in om deel te neem aan die ATKV-Tienertoneelkompetisie, die Allegretto Toneelfees en die Pronkpodium Toneelfees. Hierdie kompetisies vind vanaf Junie tot Augustus plaas. Dit is landwye kompetisies waar die standaarde baie hoog en die kompetisie straf is.
Tydens die kompetisies van 2025 het die leerders verskeie goue (85%–100%), silwer (75%–85%) en brons (70%–75%) sertifikate verwerf. Dit is 'n opwindende aktiwiteit waarin daar elke jaar met verskillende benaderings en kreatiewe idees geëksperimenteer word en waarin die Monties uitstekend vaar. In 2025 het ons Monties verskeie silwer sertifikate ontvang, en twee van ons leerders het ook erkenning ontvang vir Beste Cameo-karakter (bykarakter) tydens die ATKV Tienertoneel- sowel as die Pronkpodium-toneelfees.
Ons sien met groot opgewondenheid uit na wat 2026 gaan bied.

**DRAMA/REVUE:** Hoërskool Montana bied elke vier tot vyf jaar 'n revue-produksie aan. Die 2024-revue, "Revue-lution", was 'n ongelooflike produksie en 'n besondere ervaring vir elke deelnemer. Ons sien reeds daarna uit om weer in 2028 'n revue aan te pak. Soos altyd beloof dit om 'n aanbieding te wees waarop ons baie trots sal wees. Ons maak reg vir nóg 'n groot en indrukwekkende produksie.

**TONEELFEES:** Elke tweede of derde jaar bied Monties ons eie interne Toneelfees aan, waar graadgroepe teen mekaar meeding. Die hoogtepunt van die fees is die Prestige-aand, waar al die wentonele, asook die ATKV-toneelgroep, optree. Afrikaanse en Engelse tonele word opgevoer. Die beste senior- en juniortonele, asook die beste akteurs en aktrises, word aangewys. Selfs die onderwysers kry die geleentheid om hul talent op die verhoog uit te leef, en hulle sorg gewoonlik dat die gehoor skaterlag. Die Toneelfees is voorwaar 'n geleentheid om op die kalender aan te teken!

**MONTIE ARTÉS:** Die Montie Artés vind elke tweede of derde jaar plaas. Tydens die Montie Artés kry leerders die geleentheid om hul drome uit te leef en selfs verborge talente te ontdek. Kategorieë waaraan leerders kan deelneem, sluit in literatuur (skryfkuns), musiek (sang of instrumentaal), drama, visuele kuns en dans. Die Montie Artés van 2023 was 'n groot fees. Laerskole kry ook die geleentheid om aan hierdie besonderse geleentheid deel te neem. Dit vind gewoonlik gedurende Augustus plaas. Montie Artés sal weer in 2027 aangebied word.

**KUNSUITSTALLING EN KULTUUR-PRYSUITDELING:** Die kunsleerders werk baie hard aan hul praktiese take, en ons spog graag met ons talentvolle Monties se werke. Hierdie werke word in die saal uitgestal, en sekere leerders kry ook die geleentheid om 'n dramastuk of twee op te voer. Dit vorm deel van die Kultuurprysuitdeling, waar kultuursertifikate en halfkleure uitgedeel word. Hierdie geleentheid is jaarliks 'n hoogtepunt en 'n prestigegeleentheid op ons kultuurkalender.

**MONTANA "SHOWCASE":** Kultuur is 'n belangrike deel van elke persoon se ontwikkeling. In Montie-land wil ons al ons kultuurleerders die geleentheid gee om hul talente op die verhoog uit te leef. Hierdie jaar bied ons drie "Showcase"-geleenthede aan, waar leerders hul uiteenlopende kultuurtalente kan demonstreer en Kultuur self die fokuspunt maak – pure Montie-kultuur. Hierdie geleenthede beloof om 'n nuwe vuur in Montie-kultuur aan te steek. Ons sien met groot opgewondenheid uit na hierdie KULTUUR-ONTPLOFFING!

**DEBAT:** Debat is 'n aktiwiteit waarin leerders nie net hul praatvermoë ontwikkel nie, maar ook leer om vinnig en krities te dink. Dit leer leerders die vaardigheid om 'n saak vanuit verskillende perspektiewe te bekyk en dit logies te beredeneer. Leerders word uitgedaag om alledaagse denkwyses tot die uiterste te toets en standpunt in te neem oor wat feitlik korrek is. Ons neem deel aan die ATKV-debatkompetisie, waar ons jaarliks daarna streef om ons debatte te wen. Engelse debat word ook by die skool aangebied.
Dink of Sink is die hoogtepunt van die jaar, waar leerders hul kennis en ervaring in onvoorbereide debatte toepas. Gedurende 2025, en ook weer in 2026, is 'n Laerskool Dink of Sink aangebied wat baie suksesvol was.

**PUBLIC SPEAKING ENGLISH:** There are numerous opportunities for learners to participate in public speaking. The Senior and Junior Internal Public Speaking Competitions take place during the first term. Junior and Senior teams are invited to the elimination rounds, where they compete for a place at the Gala Evening to further demonstrate their oratory talents in the competition. At the same time, learners are invited to participate in the Van Huyssteens' Orators Competition, either individually or as part of a team. Mid-year, learners can further refine their public speaking skills by participating in Radikale Redenaars (in both Afrikaans and English), On the Tip of My Tongue, and the National Interschools Public Speaking League. We are also actively involved in debating. "Dink of Sink", organised by Afriforum and hosted by HS Montana, is a highlight of the third term.

**REDENAARS:** By die Monties word daar nie sommer net gepraat nie – daar word met passie en impak oortuig! Die afgelope jaar se interne redenaarskompetisie was 'n absolute hoogtepunt op die kultuurkalender. Dit was verblydend om te sien hoe die skoolsaal gevul word met ervare sprekers sowel as dapper nuwelinge wat vir die eerste keer die verhoog aangedurf het. Die standaard van die toesprake was vanjaar uitsonderlik hoog. Ons beoordelaars is behoorlik op hul tone gehou deur die deeglike navorsing, skerp beredenering en natuurlike selfvertroue wat deurgaans vertoon is. Hierdie binnelandse kragmeting dien as die ideale wegspringplek vir die besige jaar wat voorlê.
Hoogtepunte en vooruitsigte:
Leerders word ook aangemoedig om aan verskillende eksterne kompetisies deel te neem om hul verhoogteenwoordigheid verder te verfyn. Dit is duidelik dat ons sprekers nie net hul sê sê nie, maar 'n blywende indruk laat. Ons sien met groot verwagting uit na die res van die seisoen!

**ORATORSFEES:** By Monties glo ons daarin om elke geleentheid aan te gryp. Tydens die Van Huyssteens Oratorsfees kry ons leerders die kans om hul praatvermoë te demonstreer deur onvoorbereide toesprake van hoë gehalte te lewer. In slegs 45 minute omskep hulle uitdagende onderwerpe in boeiende en goed beredeneerde toesprake. Hierdie platform slyp nie net hul algemene kennis nie, maar ontwikkel ook 'n lewenslange vaardigheid – om met selfvertroue en oortuiging in enige situasie te kan praat.

**KOOR:** Montana Koor bestaan uit 'n groep leerders met 'n groot liefde vir dit wat die lewe 'n hartklop gee: musiek. Onder leiding van ons bekwame dirigent en begeleier streef ons daarna om jaarliks hoër doelwitte te bereik en onsself voortdurend te verbeter. Reeds tydens die vakansie, voordat kwartaal 1 begin, woon ons 'n kamp by waar nuwe lede die geleentheid kry om ten volle deel van die koor te word. Deur die jaar neem ons deel aan verskeie koorfeeste en kompetisies. Die hoogtepunt op ons kalender is die ATKV-APPLAUS-streeksfees, waarna leerders met groot toewyding uitsien en strewe. Ons bied ook jaarliks ons eie Koorfees aan, waar die Montie Koor saam met ander skole in die omgewing hul talente kan ten toon stel. Dit is altyd 'n voorreg om ons talente met ander te deel en saam in harmonie musiek te maak.

**KUNSWEDSTRYDE EN EISTEDDFODS:** Ons leerders neem onder andere deel aan die Pretoria Eisteddfod, die Noorderkruin Kunstefees en die Afrikaanse Kunsvereniging van Pretoria, waar hulle deurgaans uitstekend presteer. Gedurende 2025 het ons leerders verskeie A++, A+ en A-simbole behaal, en verskeie leerders het ook as kategoriewenners uit die stryd getree. Ons leerders is gereelde trofeewenners. In 2026 pak ons die Spreekkoor-afdeling aan en sien met groot opgewondenheid uit na hierdie nuwe uitdaging. Ons is baie trots op ons kultuurleerders.

**SKRYFKUNS:** By Hoërskool Montana is skryfkuns 'n belangrike platform waar leerders hul kreatiwiteit kan uitleef en hul gedagtes, gevoelens en verbeelding in woorde kan vasvang. Skryfwerk bied aan leerders die geleentheid om hul unieke stem te ontwikkel en hul talent met 'n groter gehoor te deel. Ons Monties neem jaarliks deel aan verskeie nasionale skryfkompetisies waar hulle hul vaardighede kan slyp en hul werk kan publiseer. In 2025 het ons leerders weer hul merk gemaak. Twee van ons leerders se kortverhale is in die Inkspraak-bundel opgeneem - 'n prestasie wat hul kreatiewe talent en toewyding tot skryfwerk weerspieël. Daarbenewens het ons leerders ook aan die Poort-skryfkompetisie, aangebied deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, deelgeneem. Hierdie kompetisie bied 'n gesogte platform vir jong digters om hul werk te publiseer. In 2025 is twee van ons leerders se gedigte in die Poort-bundel opgeneem. Ons is trots op hierdie prestasies en sien daarna uit om nog vele Monties aan te moedig om hul liefde vir die Afrikaanse woord te ontwikkel en hul kreatiewe talente verder te ontgin.

**CSV:** Leerders kry elke Woensdag tydens tweede pouse die geleentheid om saam met ander leerders en 'n geestelike leier of groep uit die gemeenskap op geestelike vlak te groei en sommer net saam te gesels. Vir baie leerders is dit 'n weeklikse hoogtepunt. CSV-leiers is ook in 2024 aangewys om die Monties op geestelike en persoonlike vlak by te staan. Jaarliks fokus Monties vir 'n volle week op hierdie tema tydens die Toewydingsweek. Ons sien met verwagting uit na 2026 se Toewydingsweek.

Monties groei op vele wyses.

**VOORTREKKERS:** 'n Presidentsverkenner is 'n verkenner wat die beginsels wat hy aanhang en uitleef, vanuit 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing laat voortspruit. Hy is 'n leier wie se gesag aanvaar word en wie se vier fasette van menswees – verstand, gees, gevoel en liggaam – in balans is en groei toon in hul ontwikkeling. Heelwat Monties behoort aan die Voortrekkers, en baie leerders ontvang jaarliks spogtoekennings.

## SOSIAAL



Om 'n Montie te wees, is inderdaad `n fees. Hoërskool Montana bied 'n ryk en diverse sosiale omgewing waar leerders volop geleenthede kry om nuwe vriendskappe te smee, mekaar beter te leer ken en betekenisvolle herinneringe saam te skep. Vreugde en positiewe verbondenheid vorm die kern van die Montie-gemeenskap. Dit bring mense bymekaar, skep 'n gevoel van behoort en dra by tot 'n gesonde, ondersteunende atmosfeer. Hierdie kultuur van geluk en samehorigheid is deel van ons identiteit en vorm die grondslag van ons skool se unieke karakter. Navorsing bevestig dat emosionele welstand 'n direkte invloed op prestasie het. Daarom glo ons dat gelukkige leerders suksesvolle leerders is - Monties wat met selfvertroue uitblink op akademiese, kulturele en sportterreine.
'n Wye verskeidenheid aktiwiteite word aangebied om hierdie dinamiese skoolervaring verder te verryk:

Inspirasie-oggend
Groentjiekonsert
Matriekafskeid
Pret
Montie-huise
Mnr. & Mej Montie
Sokkies
OUERFUNKSIES
GEESVANG
Montiepret
KAMPE
Public Speaking
Skryfkompetisie
VALENTYNSBAL
REVUE

**GROENTJIEKONSERT:** Die Groentjiekonsert is 'n viering van nuwe beginne en 'n geleentheid om die skoolgees op 'n hoë noot te begin. Die graad 8-klasse hou die konsert in oorgawe en met styl – 'n ware oorgang na Montie-wees. Hierdie jaar se Groentjiekonsert, wat die gehoor van begin tot einde vermaak het, was weereens 'n reusesukses. Die "CUBZ" het hul beste danspassies en die akteursvernuf van Timon, Pumba, Simba, Nala en Rafiki op die verhoog ten toon gestel. Op die maat van polsende musiek en flitsende ligte het hulle duidelik gemaak dat hulle hul hoërskoolloopbaan in Montieland op 'n hoogtepunt wil begin. Dit was 'n groot plesier om die nuwe Monties se geesdrif op die verhoog te aanskou - voorwaar 'n konsert uit die boonste rakke. Welkom aan die Bybeez van 2026!

**VALENTYNSBAL:** Die Valentynsbal vorm jaarliks 'n belangrike hoogtepunt op die skoolkalender. Vanjaar se blou-en-wit dekor het 'n stylvolle en elegante atmosfeer geskep wat noukeurig by die tema, Mediterranean Summer, aangesluit het. Die keurige aankleding en aandag aan detail het 'n besondere ambiance tot die aand verleen. Gaste is bederf met 'n voortreflike aansit-ete en 'n keurige nagereg wat die kulinêre ervaring afgerond het. Die professionele musiekversorging deur die DJ het verseker dat die dansvloer deurgaans lewendig en goed bygewoon was. 'n 360-kamera is ook beskikbaar gestel om dinamiese aksievideo's vas te lê en sodoende die herinneringe van die aand te verewig. Die entoesiastiese deelname en positiewe geesdrif van die leerders het daartoe bygedra dat die Valentynsbal weereens as 'n uitstaande en onvergeetlike geleentheid beskou kan word.

**MNR. EN MEJ. MONTIE:** Mnr. en Mej. Montie is jaarliks een van Hoërskool Montana se mees glansryke en gewilde geleenthede waaraan ons seniors met trots deelneem. Die deelnemers werk maande lank hard om hulself voor te berei vir hierdie prestige-aand en elke jaar word die gehoor beïndruk deur 'n aanbieding van uitsonderlike gehalte. Die finaliste is nie net talentvol nie, maar toon ook hul omgee vir die gemeenskap deur fondse vir liefdadigheid in te samel. Mnr. en Mej. Montie verteenwoordig die ware gees van Hoërskool Montana - leerders wat as ambassadeurs van die skool optree, die skool se naam hoog hou en 'n inspirerende voorbeeld vir ander stel. Merk solank die datum in jou dagboek: Vrydag 22 Mei! Vanjaar se tema, A Trip Around the World, belowe 'n aand vol kleur, styl en wêreldklas-vermaak. Die finaliste tree op saam met die gewilde sanger Chris Steyn, terwyl bekende gaste as beoordelaars sal optree. Moenie hierdie onvergeetlike aand van talent, styl en Montie-trots misloop nie!

**MONTIE-HUISE:** Alle Montie-leerders en -personeel word in vier huise verdeel: Osmia, Nobilis, Carnica en Fidelis. Hierdie huise funksioneer saam as 'n verenigde Montiekorf en bevorder 'n kultuur van samehorigheid, trots en gesonde mededinging. Deur middel van kwartaallikse kompetisies word deelname en geesdrif aangemoedig, terwyl punte bepaal watter huis as wenner aangewys word. Hierdie stelsel versterk nie net spanwerk en betrokkenheid nie, maar dra ook by tot 'n sterk gemeenskapsgevoel binne die skool.

**MONTIE PROJEKTE:** By Hoërskool Montana skep ons doelbewus geleenthede wat gemeenskap bou en onvergeetlike ervarings bied. Van grootskaalse geleenthede tot unieke skoolinisiatiewe, is ons fokus om leerders, ouers en die breër gemeenskap saam te bring in 'n dinamiese en inspirerende omgewing. Elke projek word met sorg beplan om trots, samehorigheid en Montie-gees te versterk.

**MATRIEKAFSKEID:** Die matriekafskeid is die sprokiesaand waarna elke graad 12-leerder met groot opgewondenheid uitsien. Van graad 8 af droom baie van ons dogters oor die perfekte rok en 'n aand vol onvergeetlike herinneringe. Net so sien die manne daarna uit om stylvol by die matriekafskeid op te daag en te spog met hul unieke voertuie wat beslis almal se aandag trek. Ouers en belangstellendes kry die geleentheid om hierdie besondere oomblik te beleef wanneer die dames en here arriveer en die rooi tapyt soos ware sterre betree. Hierdie glansgeleentheid vier nie net styl en elegansie nie, maar ook die afsluiting van 'n belangrike hoofstuk in ons matrikulante se skoolloopbaan. Die matriekafskeid is 'n funksie waarop Hoërskool Montana besonder trots is. Vanjaar vind die matriekafskeid plaas op 25 September by Batterboys Montana. Dit beloof om 'n aand vol styl, glans en onvergeetlike oomblikke vir elke Montie te wees. Die tema vir die aand is "A Night in Paradise."

**LEIERSKAMP:** Gedurende Augustus word 'n VLR-verkiesing vir die graad 11-leerders aangebied. Die verkose leerders woon vervolgens 'n VLR-kamp by waar leierskapvaardighede doelbewus ontwikkel en strategiese beplanning vir die komende jaar gedoen word. Hierdie kamp dien as 'n waardevolle platform vir persoonlike groei en bevorder spanwerk, samewerking en verantwoordelike leierskap binne die skoolgemeenskap.

**SOSIALE OUERFUNKSIES:** By Hoërskool Montana word 'n sterk en gesonde vennootskap met ouers as 'n kernprioriteit beskou. Tydens die Graad 8-oueraand aan die begin van die jaar, asook tydens ander spesiale geleenthede, word ouers hartlik uitgenooi om deel te wees van 'n gesellige saamkuier. Hierdie informele byeenkomste, waaraan personeel en beheerliggaamlede ook deelneem, skep 'n waardevolle geleentheid om verhoudings te bou en te versterk. In 'n ontspanne atmosfeer - dikwels rondom 'n knetterende braaivleisvuur - word 'n gevoel van samehorigheid en gemeenskap verder gevestig.

**GEESVANG:** By Hoërskool Montana is geesvang soveel meer as net 'n gebeurtenis op die kalender - dit is deel van wie ons is. Hier leef ons trots, tradisie en samehorigheid elke dag uit. Met die tema vir 2026, "Pure Montie", fokus ons daarop om die beste Montie te wees wat jy kan wees - as ondersteuner, spanmaat en mens. Dit gaan daaroor om ons waardes uit te leef en met trots die naam Montana te dra.
Ons sterk skoolgees en samewerking is sigbaar regdeur die jaar. Van opwindende saamtrekke en kreatiewe tema-dae tot ons energieke cheerleaders en toegewyde ondersteuners wat elke byeenkoms in 'n onvergeetlike ervaring verander - Monties wys altyd wat ware gees beteken.
'n Hoogtepunt van 2026 was sonder twyfel die A-bond Atletiekbyeenkoms by Pilditch. Daar het die Monties saamgestaan en ons atlete luidkeels ondersteun. In ons bekende GROEN, GEEL en WIT het ons gewys dat JY MOET WEET dat ons trots is om Monties te wees en die jaar se tema was perfek weerspieël deur elke Montie wat sy kant gebring het en Montana na nuwe hoogtes toe gestuur het.
Vir ons gaan geesvang egter oor meer as net wenspanne - dit gaan oor 'n wenhouding. Ons glo dat 'n positiewe ingesteldheid en sterk samewerking ons skool help groei en uitblink. By Montana is jy nie net 'n leerder nie; jy is deel van 'n gemeenskap wat mekaar aanmoedig, ondersteun en inspireer. Die Montie-gees leef sterk en dit is iets wat jy nie net sien nie, maar werklik ervaar.

**SOKKIES:** Montie-sokkies bied aan leerders die geleentheid om in 'n veilige en goed georganiseerde omgewing saam met hul vriende te kuier, musiek te geniet en te dans. Musiek, beweging en positiewe sosiale interaksie vorm 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde hoërskoolervaring en by Hoërskool Montana word dit met verantwoordelikheid en entoesiasme aangebied.
Hierdie gewilde geleenthede is eksklusief vir Montana-leerders en vind plaas onder voldoende personeeltoesig om 'n veilige en gesellige atmosfeer te verseker.
Sommige funksies en aktiwiteite word nie noodwendig elke jaar in presies dieselfde formaat aangebied nie. Die skool pas gereeld programme aan om ruimte te skep vir nuwe idees en om leerders en ouers vars, opwindende ervarings te bied. Die afgelope jare het verskeie hoogtepunte plaasgevind, waaronder Montiepretdag met kaskarresies en waterpret, asook inspirerende oggende en spesiale kuieraande.
Terwyl sekere gunstelinge moontlik weer hul verskyning maak, bly daar altyd ruimte vir iets nuuts en onvergeetliks op die Montie-kalender.

## SPORT

By Hoërskool Montana glo ons dat elke sportman en -vrou die geleentheid verdien om hul volle potensiaal te bereik. Daarom bied ons 'n wye verskeidenheid sportsoorte, gehaltefasiliteite en die beste moontlike afrigting, insluitend ervare spesialis-buiteafrigters in verskeie dissiplines. Afrigting vir alle sportsoorte is gratis. Deur deelname aan sterk ligas, toernooie en kampioenskappe, tesame met doelgerigte ontwikkeling, harde werk en persoonlike ondersteuning, bou ons nie net aan prestasie nie, maar ook aan karakter, selfdissipline en trots. Finansiële ondersteuning word verder gebied aan leerders wat op provinsiale en nasionale vlak presteer.

Daar is 'n sportsoort vir elkeen:

Montana is nie net 'n naam nie - dit is 'n plek waar vriende familie word en mense jou help vorm. Dis waar leerders gelukkig is en werklik omgegee word. Ek moedig elke Graad 7 van 2026 aan om deel te word van die Montie-familie.
- Jenille van der Merwe

Sagtebal Bergfiets Rolbal Landloop Ruitersport Tennis
Skaak Swem 7's Rugby Tafeltennis Rugby Gholf
Krieket Sokker Atletiek Netbal Jukskei Fast 5 netbal Cheerleading Hokkie

## SPORTHOOGTEPUNTE

**ATLETIEK:** Die 2026-atletiekseisoen was vir Hoërskool Montana 'n besonder suksesvolle en opwindende jaar. Ons atlete het deurgaans uitstekende toewyding, spanwerk en deursettingsvermoë getoon, wat gelei het tot indrukwekkende prestasies op verskeie vlakke van kompetisie. Gedurende die seisoen het Montana-atlete sterk vertonings gelewer tydens interskolebyeenkomste en liga-atletiek, waar verskeie atlete medaljes verower en persoonlike beste tye en afstande behaal het. Die span het met trots aan byeenkomste in en om Pretoria deelgeneem en die skool se naam waardig verteenwoordig.

Een van die hoogtepunte van die seisoen was ons deelname aan die A-bond Interhoër, 'n jaarlikse hoogtepunt op die atletiekkalender. Hoërskool Montana het hier 'n uitstekende algehele vyfde plek behaal. Tydens hierdie byeenkoms het ons atlete 10 eerste plekke, 8 tweede plekke en 15 derde plekke verower - 'n besondere prestasie te midde van sterk kompetisie. Ons junior span het verder uitgeblink deur algeheel tweede te eindig, 'n prestasie waarop die skool besonder trots is.

Nog 'n hoogtepunt was ons deelname aan die Curro Podium-byeenkoms, waar Montana algeheel sewende geëindig het. Hierdie prestasie plaas ons sewende nasionaal en bevestig die hoë standaard van ons atletiekprogram.

By die jaarlikse Top 15-byeenkoms, waar meer as 50 skole deelgeneem het, het Hoërskool Montana weer sterk presteer en algeheel vyfde geëindig - nóg 'n bewys van die span se konsekwente prestasies deur die seisoen.

Benewens individuele prestasies het Hoërskool Montana se atletiekspan ook as 'n hegte eenheid uitgestaan. Die ondersteuning tussen spanmaats, die entoesiasme tydens byeenkomste en die trots waarmee die skool verteenwoordig is, het 'n positiewe en energieke atmosfeer geskep wat tot die sukses van die seisoen bygedra het.

Die skool is trots op elke atleet wat deelgeneem het en spreek ook opregte dank uit teenoor die toegewyde afrigters en ondersteunende ouers wat 'n onontbeerlike rol speel in die ontwikkeling van ons atlete.

Hoërskool Montana sien met verwagting uit na 'n nóg sterker atletiekseisoen in die toekoms, waar ons voortbou op die prestasies van 2026 en steeds daarna streef om sportuitnemendheid te bevorder.

**BERGFIETS:** "If your dreams don't scare you, they are not big enough." - Ellen Johnson Sirleaf

Die 2026-seisoen lewer weereens bewys dat die oënskynlik onmoontlike bereik kan word. Met 55 ruiters wat geregistreer is, is Hoërskool Montana se fietsryspan sterker as ooit tevore. Ons streef na uitnemendheid en verwag sukses. Fietsry bring 'n span saam tydens oefensessies, terwyl dit terselfdertyd elke individu voorberei vir sy of haar wedrenne. Ons sien uit na 'n geseënde jaar waarin leerders ontwikkel, selfvertroue bou en werklik tuis voel by Hoërskool Montana.

Met slegs vyf wedrenne per jaar het ons ruim tyd om deeglik voor te berei. Die seisoen skop af met 'n fietstoer by Sondela, waarna fietsryers gereed sal wees vir die eerste wedren van die Cycle Lab-reeks in Mei. Ons oefen twee keer per week en leerders neem ook aan ander wedrenne deel om optimaal voorbereid te wees vir die hoërskoolreeks.

By Hoërskool Montana is bergfiets nie bloot 'n sport nie, maar 'n gemeenskap waar families saam groei en leerders hegte vriendskappe bou. Soos die spreekwoord sê: "Yster slyp yster; die een mens slyp die ander." Dit vorm die kern van ons benadering. Elke kompetisie bied 'n geleentheid om selfvertroue te bou en persoonlik te groei.

Ons afrigters en onderwysers is toegewyd daaraan om elke fietsryer te ondersteun sodat hulle die sport kan geniet, verbeter en fisiek en geestelik sterker word. Met ervare afrigters van Coaches Fitness Centre is Hoërskool Montana 'n gedugte teenstander vir enige span. Ons geniet ook die ondersteuning van The Bicycle Surgeon, 'n betroubare fietsherstel- en diensverskaffer wat kwaliteit diens teen bekostigbare pryse lewer.

Oefensessies by Bosveld Park, net 3 km vanaf die skool, bied uitdagende en opwindende roetes sonder 'n vervelige oomblik. Die pragtige natuurlike omgewing, met roetes wat tot by die Magaliesberg strek, skep die ideale terrein vir ontwikkeling en avontuur. Fietsry bring families saam en is werklik aansteeklik. Ons is dankbaar dat ons bergfiets as sport aan ons skoolgemeenskap kan bied en verder kan ontwikkel.

"Faith shows the reality of what we hope for; it is the evidence of things we cannot see." (Hebrews 11:1)

**CHEERLEADING:** Ons is besonder trots op ons cheerleaders wat jaarliks op verskeie terreine uitblink en Hoërskool Montana met trots verteenwoordig. In 2025 het ons gemengde span (Co-Ed span), 'n goue medalje verower - 'n prestasie wat die span se harde werk, toewyding en uitnemende talent weerspieël. Elke jaar kwalifiseer verskeie van ons cheerleaders vir Gauteng-kleure en verdien hulle ook die geleentheid om vir SA-kleure in aanmerking te kom. In 2025 is twee van ons cheerleaders gekies om Suid-Afrika in Orlando, Florida, te verteenwoordig - 'n uitsonderlike prestasie waarop ons uiters trots is.

Ons cheerleaders ondersteun en inspireer mekaar om voortdurend in tegniek en vaardigheid te groei. Die span word gekenmerk deur uitstekende sportmangees, dissipline, deursettingsvermoë en doelgerigtheid. Dit is inderdaad 'n voorreg om deel te wees van hierdie dinamiese en opwindende spansport.

Ons sien met groot verwagting uit na die suksesse wat nog voorlê. Elke cheerleader beoefen die sport met passie en toewyding en is altyd bereid om nuwe uitdagings aan te pak en dit suksesvol te voltooi.

Cheerleading word ook as 'n naskoolse aktiwiteit aangebied, waar leerders die geleentheid kry om hul vaardighede verder te ontwikkel en hul liefde vir die sport ten volle uit te leef.

**GHOLF:** Hoërskool Montana se gholfprogram word jaarliks net meer opwindend en mededingend. Ons neem deel aan gesogte kompetisies soos die Voorsitterstrofee, die NWU Prestige-Sportreeks en die Pretoria-skoleliga, waar ons spelers hul vaardighede teen sterk teenstanders slyp.

In 2026 pak ons die uitdaging van die A-liga aan – 'n hoogs kompeterende liga wat waardevolle blootstelling aan ons eerstespan-spelers bied en hul spel en selfvertroue verder ontwikkel. Ons spelers het die voorreg gehad om gedurende Maart op uitnodiging deel te neem aan die LIV-gholftoernooi wat by Steyn City in Midrand aangebied word – 'n ongelooflike groot voorreg!

Ons is besonder trots op ons dogterspelers wat hul man staan in hierdie uitdagende sport en bewys lewer van deursettingsvermoë en talent. Verskeie van ons spelers, beide seuns en dogters, presteer ook op provinsiale vlak en neem deel aan die Gauteng-Noord Gholfkampioenskappe.

Ons sien met groot verwagting uit na die 2026-gholfseisoen en die verdere groei en sukses van Hoërskool Montana se gholfspan.

**HOKKIE:** Is jy gereed om jou hokkievaardighede na die volgende vlak te neem terwyl jy tonne pret ervaar? Ons skool se hokkieprogram is nie net daarop gemik om elite spelers te ontwikkel nie, maar ook om 'n lewendige gemeenskap te skep waar elke speler kan floreer!

**Hoekom Montana-hokkie?**

- **'n Pret- en betrokkenheidsgedrewe omgewing:** Ons glo dat die beste leer plaasvind wanneer dit lekker is! Ons oefensessies is vol speletjies, uitdagings en spanwerk, wat elke sessie opwindend en dinamies maak. Jou kind sal elke keer uitsien om op die astro te speel!
- **Doelgerigte tegniese en taktiese onderrig:** Ons ervare afrigters bied persoonlike begeleiding sodat elke speler die regte ondersteuning kry om hul spel te verbeter. Van die bemeestering van basiese vaardighede tot die verstaan van gevorderde strategieë – ons bied 'n volledige leerervaring vir elke vlak.
- **Karakter- en etiese ontwikkeling:** Hokkie gaan oor meer as net vaardighede – dit bou karakter. Ons beklemtoon waardes soos respek, spanwerk en sportmangees en moedig etiese spel en persoonlike integriteit aan.
- **Lewenslange verbintenisse:** Deur aan ons hokkieprogram deel te neem, bou spelers vriendskappe vir 'n leeftyd en ervaar hulle die waarde van kameraadskap binne 'n spanomgewing.

  Die dogterspanne neem deel aan die hoogs mededingende G1-liga – een van die sterkste skoolhokkieligas in Suid-Afrika – terwyl die seunspanne in Liga 1 meeding. Dit verseker dat ons spelers gereeld teen topkompetisie speel en waardevolle ervaring opdoen.

  Ons eerstespanne neem deel aan die gesogte Steyn City-toernooi, waar hulle teen van die beste hokkieskole in die land meeding.


  Met kwaliteit afrigting, sterk mededinging en 'n positiewe spankultuur bou Hoërskool Montana se hokkieprogram spelers wat met trots, deursettingsvermoë en 'n passie vir die spel presteer.

**JUKSKEI:** Die 2025-jukskeiseisoen was 'n besonder suksesvolle jaar vir Hoërskool Montana. Beide spanne het uitstekende prestasies gelewer en podiumplekke behaal. Die o/16-gemengde span het 'n goue medalje verower, terwyl die o/16-seunspan met 'n silwermedalje bekroon is.

Die ster van die seisoen was Hendré Botha, wat vir die Gauteng-Noord-span gekies is om aan die SA-kampioenskappe deel te neem. Sy o/16-span het by hierdie kampioenskappe as wenners uit die stryd getree, en Hendré is daarna ook vir die Suid-Afrikaanse span gekies om in Julie te toer - 'n uitsonderlike prestasie.

Ons is trots op ons jukskei-spelers se toewyding en sien uit na verdere sukses in die toekoms.

Being a "Montie" means being part of a proud, united community where school spirit thrives and everyone supports one another - in academics, sport, and culture.
- Agang Makwalo



Montana-leerders bly altyd nederig en gee opreg om vir mekaar.
- Anje Booysen

# SPORTHOOGTEPUNTE

**KRIEKET:** Krieket is een van die hoeksteensportsoorte by Hoërskool Montana en speel 'n sentrale rol in ons sportprogram. Ons fokus op die ontwikkeling van spelers deur kwaliteit afrigting, gestruktureerde oefeninge en mededingende wedstryde, terwyl kernwaardes soos dissipline, respek en trots gevestig word.
Ons krieketprogram bied aan spelers van alle vlakke die geleentheid om te ontwikkel – van grondslagvaardighede in die junior fases tot gevorderde tegniese, taktiese en prestasie-ontwikkeling in die senior spanne. Met 'n sterk fokus op spanwerk en persoonlike groei word spelers voorberei om op hoë vlak te kompeteer.
Hoërskool Montana neem deel aan verskeie gesogte ligas en toernooie, insluitend die Northerns Skoleliga, Noordvaal-kompetisie, SA Skole T20, asook toernooie en feeste regoor Suid-Afrika. Hierdie blootstelling bied aan spelers waardevolle wedstrydervaring teen van die beste skole in die land.
Ons beskik oor uitstekende fasiliteite, insluitend 'n krieket-ovaal, binnenshuise oefengeriewe, buitelugnette en 'n toegewyde krieketakademie. Gekwalifiseerde afrigters en gestruktureerde krag- en kondisioneringsprogramme ondersteun elke speler se ontwikkeling.
Hoogtepunte en Prestasies (2025)

- o/19A-span wen die Northerns Skolekrieketliga
- o/19A-span wen die Noordvaal (B)-finaal vir die tweede agtereenvolgende jaar
- o/19A-span wen 5 uit 5 wedstryde tydens die NWU Winterfees
- o/19A-span eindig in die Top 12 by die Wildeklawer T20 en word weer vir 2026 genooi
- o/19B-span wen die Chris Steinman T20-reeks teen eerstespanne
- o/15A-span wen al 4 wedstryde tydens die Paarl Seunskrieketfees en eindig tweede in die Northerns-liga
- o/14A-span eindig derde in die Northerns-liga en wen 3 wedstryde tydens die Mighty Apies-fees
- Dogterspan wen 6 uit 7 wedstryde in die Titans-liga (gelykop eerste)
- 11 honderdtalle word gedurende die seisoen aangeteken
- 5 spelers word na die finale rondtes van Titans-proewe genooi, met 2 wat verder deurdring
- 2 dogterspelers word vir Titans-proewe gekies

Hoërskool Montana se krieketprogram groei van krag tot krag en vestig hom as een van die toonaangewende krieketskole noord van Pretoria. Ons sien met groot verwagting uit na verdere sukses in die toekoms.

**LANDLOOP:** By Hoërskool Montana is landloop meer as net 'n sport - dit is 'n gemeenskap wat mense bymekaarbring. Dit skep 'n ruimte waar atlete, afrigters en ouers saam die harde werk van oefeninge, die opwinding van wedlope en die vreugde van persoonlike prestasies deel. Landloop leer leerders waardevolle lewensvaardighede soos deursettingsvermoë, dissipline en die krag van spanondersteuning.
Die sport is toeganklik vir almal, ongeag ervaring of fiksheidsvlak. Elke atleet word aangemoedig om sy of haar beste te lewer en voortdurend te verbeter. Die landloopseisoen strek van April tot September, met een van die hoogtepunte die gewilde oefenkamp by Zwartkloof, waar spanbou, avontuur en die natuur 'n integrale deel van die ervaring vorm.
Gedurende die 2025-seisoen het ons Montie-atlete weer sterk presteer. Ses atlete is tydens die Gauteng-Noord Sekondêre Skole Landloopliga onder die top 10 in hul ouderdomsgroepe geplaas. By die AGN-kampioenskappe het een atleet 'n goue medalje verower, terwyl nog ses atlete onder die top 10 geëindig het. Op nasionale vlak het 'n Montie-atleet ook onder die top 10 in sy ouderdomsgroep by die ASA-kampioenskappe geëindig.
Ons is trots op elke Montie-landloper wat met toewyding en trots deelneem, en sien met verwagting uit na nóg 'n jaar vol uitdagings, groei en onvergeetlike oomblikke op die landloopbaan.

**NETBAL:** Netbal by Hoërskool Montana is 'n dinamiese en groeiende sport waar entoesiasme, spanwerk en deursettingsvermoë sentraal staan. Die groot deelname tydens proewe is jaarliks 'n bewys van die passie vir die sport.
Ons spanne neem deel aan gesogte kompetisies soos die NWU Prestige-Sportreeks en die Gauteng-liga. Tydens die 2025-seisoen het Montana-netbal algeheel vyfde uit 16 skole in die Pukreek-reeks geëindig, met vier spanne wat tweede plekke en twee spanne wat vierde plek behaal het. In die liga het die skool algeheel sesde geëindig, wat duidelike groei en verbetering toon.
Op provinsiale vlak het drie spelers deurgedring na die finale rondte van Gauteng-proewe, terwyl die eerstespan en o/17A-span vir die Gauteng-kampioenskappe gekwalifiseer het. Die o/17A-span het besonder goed gevaar en sesde in Gauteng geëindig. By die Gauteng Kay Motsepe-kompetisie het die o/15A-span 7de in Gauteng geëindig.
Ons verwelkom Marlize de Bruin as nuwe hoofafrigter by die skool. Voorseisoen-oefeninge vir 2026 het reeds in die vierde kwartaal van 2025 begin, terwyl voorseisoenprogramme vir laerskoolleerders voortgaan om jong talent te ontwikkel.
Die 2025-seisoen het duidelik bewys dat ons netbalprogram aanhou groei in vaardigheid, spanwerk en deursettingsvermoë. Met die toewyding van ons spelers, afrigters en ondersteuners bou ons doelgerig aan 'n sterk fondament vir die toekoms.
Met die talent wat ontwikkel word en die momentum wat opgebou is, glo ons vas dat 2026 'n jaar van nóg groter prestasies en nuwe hoogtes vir Hoërskool Montana se netbal sal wees.

**NETBAL FAST5:** Die Fast5-netbalseisoen van 2025 het met groot opgewondenheid begin en ons verwagtinge oortref ten opsigte van deelname, prestasie én ontwikkeling. Hierdie opsomming getuig van die harde werk, toewyding en spanpoging van elke afrigter, speler en ondersteuner.
Die seisoen het amptelik afgeskop met die Fast5-proewe op 30 Julie 2025, waar daar 'n uitstekende opkoms van talentvolle spelers was. Op grond van hul vaardighede, spanwerk en sportmangees is ses spanne gekies - twee junior- en 4 junior spanne.
Elke span het hul eie identiteit en dinamika, en dit was duidelik dat ons in 2025 'n besondere groep spelers bymekaar gehad het.
Ons jaarlikse Speedbeez-toernooi was weer 'n hoogtepunt op die kalender en is met groot geesdrif deur spanne van regoor die streek bygewoon. Dit was nie net 'n viering van talent nie, maar ook van sportmangees en spanbou.
Die D3- en D15-distrikuitspele het op 29 Augustus by Montana plaasgevind. Dit was 'n dag van hoë intensiteit, sterk kompetisie en uitstekende spel. Ons spanne het met trots deelgeneem en indrukwekkende uitslae behaal.
Prestasies:

- Queenbeez Groen o/18A - tweede plek
- Babybeez o/15A - eerste plek
- Workerbeez o/15A - tweede plek

Al vier ons A-spanne het gekwalifiseer vir die Tshwane-kampioenskappe - 'n bewys van hul vasberadenheid en vaardigheid.
Op 'n baie warm en kompeterende Vrydag het ons spanne hul staal gewys by die Tshwane-kampioenskappe in Menlo. Die kompetisie was sterk, maar ons spelers het hul beste gelewer en die skool met trots verteenwoordig.
Queenbeez Groen o/18A het vierde geëindig en deurgedring na die Gauteng-kampioenskappe - 'n besondere prestasie. Die res van die spanne het ook waardevolle ervaring opgedoen op 'n hoër vlak van kompetisie.
Die 2025 Fast5-seisoen was een van groei, prestasie en ontwikkeling. Ons het:

- waardevolle kompetisie-ervaring opgedoen op distrik-, streek- en provinsiale vlak
- nuwe talent ontwikkel en spangees versterk
- vriendskappe en herinneringe gebou wat lank sal voortleef

Met hierdie stewige grondslag glo ons vas dat 2026 nóg groter hoogtes sal bereik. Ons sien daarna uit om voort te bou op wat vanjaar begin is, met toewyding, passie en spanwerk as ons riglyne.
"Wanneer ons saamwerk, wen ons saam."– Fast5-netbalspan 2025

**OEWERHENGEL:** Hou jy van die buitelewe, vars lug en 'n bietjie avontuur? Dan is oewerhengel die ideale sport by Hoërskool Montana. Ons groeiende oewerhengelprogram bied aan leerders die geleentheid om hul vaardighede langs die water te ontwikkel, terwyl hulle eienskappe soos geduld, konsentrasie, spanwerk en strategie aanleer.
Oewerhengel gaan nie net oor die vang van die grootste vis nie, maar oor tegniek, beplanning en die vermoë om die natuur te lees. Leerders leer om die regte aas te kies, hul toerusting professioneel op te stel en die beste hengelplekke te identifiseer.
Ons hengelspan neem gereeld aan interskoolkompetisies deel, waar hulle teen ander skole meeding en waardevolle ervaring opdoen. Die sport kombineer avontuur, natuur en gesonde kompetisie en bied aan leerders die geleentheid om hul talente te ontwikkel terwyl hulle deel is van 'n span.
Die program is oop vir alle belangstellende leerders en vorm deel van Hoërskool Montana se strewe na 'n gebalanseerde opvoeding met sport-, kultuur- en buiteluggeleenthede.

**ROLBAL:** Hoërskool Montana se rolbalspan groei jaarliks en bied aan leerders 'n unieke sportgeleentheid. Oefeninge vind vanaf die tweede kwartaal plaas, elke Dinsdag en Donderdag van 16:00 tot 17:15 by die Wonderboom Rolbalklub, onder leiding van gekwalifiseerde afrigters.
Spelers word gratis as klublede geregistreer en geniet al die voordele wat daarmee gepaardgaan. Ligawedstryde vind gedurende Augustus op Vrydae plaas, waarna spelers die geleentheid kry om vir provinsiale deelname in Maart gekies te word.
In 2025 het vyf van ons spelers Gauteng-Noord (BGN) o/15- en o/18-spanne gehaal - 'n uitstekende prestasie. Spelers kan ook verder ontwikkel deur as merkers, skeidsregters en selfs afrigters te kwalifiseer.
Rolbal is 'n sport wat vir 'n leeftyd beoefen kan word en bied aan leerders die geleentheid om vaardighede te ontwikkel, nuwe vriende te maak en deel te wees van 'n groeiende en ondersteunende sportgemeenskap.

**RUGBY:** Hoërskool Montana is trots daarop om die enigste skool in die noorde van Pretoria te wees wat in Afdeling 1 van die Noordvaal-toernooi kompeteer. Ons rugbyprogram is gebou op die beginsel dat elke speler belangrik is, met doelgerigte belegging in kwaliteit afrigting vir alle spanne en ouderdomsgroepe.
Die 2025-seisoen was besonder suksesvol. Montana het algeheel tweede geëindig in die NWU Prestige Sportreeks en groot sukses behaal in die SDC Noordvaal Skild-kompetisie. Die o/14A-span en die 1ste XV (Witbulle) is as kampioene gekroon en Montana is as algehele wenner aangewys, wat promosie na die Noordvaal Plaatliga verseker het 'n belangrike mylpaal vir die program.
Ons fokus bly om spelers die geleentheid te bied om hul volle potensiaal te bereik deur deelname aan sterk kompetisies en toernooie. Fiksheid en beseringsvoorkoming vorm 'n kerndeel van ons program, met 'n voltydse kondisioneringsafrigter en 'n sportfisioterapeut op die skoolterrein wat spelers ondersteun. Montana bied ook mediese versekering vir elke rugbyspeler - 'n unieke voordeel wat gemoedsrus aan ouers bied.
Die program word verder versterk deur die betrokkenheid van mnr. AJ le Roux, keurder en hoëprestasie-afrigter vir die Blue Bulls se hoërskoolspanne, wat waardevolle insig en ontwikkeling na ons spelers bring.
Ons eerste- en tweedespanne neem hierdie jaar vir die eerste keer deel aan die gesogte NMI Toyota Noord Suid Rugbytoernooi, wat by Affies in Pretoria aangebied word. Hierdie insluiting bevestig die groei, gehalte en professionele standaarde van ons rugbyprogram en weerspieël die harde werk van spelers, afrigters en die breër Monties-gemeenskap. Ons deelname aan hierdie elite-toernooi onderstreep Monties se posisionering as 'n gevestigde rolspeler in Suid-Afrikaanse skole-rugby.
Montana het reeds spelers na provinsiale vlak ontwikkel en streef daarna om jaarliks nog meer spelers vir hoër vlakke van rugby voor te berei. Met voortdurende ontwikkeling en toekomstige uitbreiding van fasiliteite, bou ons aan 'n rugbyprogram wat van krag tot krag groei.








SPORT

**RUGBY 7'S:** Sewe-aan-'n-kant-rugby groei jaarliks in gewildheid by Hoërskool Montana, en al hoe meer Montie-seuns neem met entoesiasme aan hierdie dinamiese formaat van die spel deel. Die afgelope paar jaar het Montana reeds vyf spelers opgelewer wat in die Blue Bulls 7's-spanne opgeneem is – 'n bewys van die gehalte van ons program en spelerontwikkeling.
Ons kondisioneringsprogram speel 'n belangrike rol in die voorbereiding vir die 7's-seisoen. Die hoë tempo en intensiteit van die spel vereis uitstekende fisieke voorbereiding, en ons fokus daarop om spelers optimaal toe te rus om kompeterend te wees teen van die beste skole in die streek.
Hoërskool Montana bied jaarliks een van die grootste skolerugby-7's-toernooie in die streek aan, met 48 deelnemende spanne. Hierdie toernooi dien ook as 'n belangrike platform vir talentidentifikasie en word deur die Blue Bulls Rugby Union gebruik as proewe en 'n kwalifiserende rondte vir Noordvaal.
Die sewe-aan-'n-kant-program by Montana word gelei deur 'n ervare en toegewyde span:

- AJ le Roux – Direkteur
- Jan Cloete – Organiseerder
- Morné Human – Afrigter
- Jacques Muller – Afrigter
- Bradley Engels – Kondisioneringspesialis

Die program word verder versterk deur die betrokkenheid van kundige afrigters soos JJ Motlhodi (Blue Bulls 10s) en Arno Venter (Leopards 7s), wat deel vorm van Montana se afrigtingspan.
Ons sien met groot opgewondenheid uit na die 2026-7's-seisoen en glo dat Montana steeds spelers sal oplewer wat op provinsiale vlak uitblink.

> Om omring te wees deur mense wat trots is om Monties te wees, maak Montana besonders. Almal het hier 'n plek en daar is altyd iemand wat jou ondersteun - of dit nou 'n mede-leerder of 'n onderwyser is.
> - Franco Fernandez



**RUITERSPORT:** Hoërskool Montana se ruitersport floreer steeds en lewer jaarliks uitstekende prestasies. Die Perdebytjiespan het in 2025 uit 12 ruiters bestaan wat aan verskeie SANESA-dissiplines deelgeneem het.
Ons Montie-ruiters het weereens as distrikwenners uit die stryd getree - 'n titel wat die skool sedert 2019 reeds 15 keer verower het. Op provinsiale vlak het ses ruiters Gauteng-Noord-kleure in die kernliga verwerf en aan die provinsiale kampioenskappe deelgeneem.
Verder het ses ruiters Gauteng-kleure verwerf en aan die nasionale kampioenskappe deelgeneem, waarvan drie in die kernliga en drie in die Western Mounted Games-afdeling deelgeneem het. Die span het uitmuntend gevaar, met verskeie ruiters wat onder die top 10 in Suid-Afrika in hul onderskeie items geëindig het. Hoërskool Montana spog ook met 'n SA-kampioen onder ons ruiters - 'n besondere prestasie.
Ons is trots op ons Montie-ruiters se toewyding en uitnemendheid en sien met groot verwagting uit na die prestasies wat 2026 sal inhou.



**SAGTEBAL:** Die 2025-seisoen was vir Hoërskool Montana se sagtebalspanne 'n jaar van groei, toewyding en trots. Uit agt deelnemende skole het ons algeheel vierde geëindig - 'n prestasie waarop ons met reg trots is.
Ons o/16-dogterspan het uitstekend gevaar en deurgedring na die Tshwane-uitspele, waar hulle 'n bronsmedalje verower het en die skool met geesdrif en deursettingsvermoë verteenwoordig het. Die B-spanne het ook sterk vertonings gelewer, met die o/19B-span wat besonder goed presteer het deur derde in hul liga te eindig.
Op provinsiale vlak het vier Montana-spelers hul plek in spanne verwerf:

- Denicia Wagenaar, Milane Swart en Arustha van Eck is opgeneem in die IRT Whitesox o/19-span
- Shanna Gerritsen het haar plek in die IRT Kgodiso o/15-span behaal

Arustha van Eck is verder aangewys as die beste "pitcher" by die IRT en ook gekies vir die "All Star"-span – 'n besondere prestasie.
Ons afrigtingspan presteer ook op hoë vlak. Mnr. Kobus de Wet en mnr. Michael Meiring is gekies as provinsiale afrigters tydens die IRT-toernooi, terwyl me. Jackie van Wyk as hulpafrigter vir die o/17-Gautengspan aangewys is en weer verkies is tot die TSSA-raad as ligakoördineerder vir hoërskole.
Hoërskool Montana se sagtebal bou voort op 'n sterk fondament, en ons sien met groot verwagting uit na verdere sukses in die toekoms.



**SKAAK:** Skaak is meer as net 'n speletjie - dit is 'n uitdaging van strategie, konsentrasie en slim denke. Elke skuif verg beplanning, insig en durf, en bied aan leerders die geleentheid om hul probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede te ontwikkel.
By Hoërskool Montana kry leerders die kans om hul breinkrag en strategiese vermoëns te slyp, terwyl hulle die spel op 'n mededingende vlak bemeester. Ons neem deel aan die NWU Prestige-Sportreeks en die Skoleliga, beide individueel en as span.
Ons skaakspelers presteer jaarliks goed deur vir Distriksligas en Gauteng Top Schools te kwalifiseer, terwyl verskeie leerders ook die geleentheid kry om aan nasionale toernooie deel te neem.
Skaak by Hoërskool Montana bied 'n stimulerende en uitdagende omgewing waar elke leerder die potensiaal het om te groei en uit te blink.



**SOKKER:** In 2025 het Hoërskool Montana aan die Magalieskool Sokkerliga deelgeneem, waar die o/15- en eerstespan waardevolle wedstrydervaring opgedoen het. Alhoewel die eerstespan 'n jong span was en gemengde resultate behaal het, het hulle deur die seisoen goeie ontwikkeling en groei getoon.
Daar is steeds groot belangstelling in sokker by die skool, en ons sien daarna uit om nog meer seuns die geleentheid te bied om hulself op die veld uit te leef. Met die lesse wat uit die 2025-seisoen geleer is en nuwe doelwitte vir die toekoms, sien ons met groot verwagting uit na die 2026-seisoen.



**SWEM:** By Hoërskool Montana is swem meer as net 'n sport - dit is 'n geleentheid vir leerders om hul talent te ontwikkel, dissipline aan te leer en deel te word van 'n dinamiese span. Ons beskik oor ervare afrigters wat swemmers deurlopend ondersteun en ontwikkel, met gereelde oefening deur die jaar. Die amptelike swemseisoen strek van September tot Februarie en bied aan leerders volop geleenthede om hul vaardighede te slyp en te presteer.
Die swemjaar begin met ons jaarlikse interhuisgala in September, waar huise teen mekaar meeding om die sterkste span te bepaal wat die skool verteenwoordig. Gedurende die vierde en eerste kwartaal neem ons swemmers deel aan aflos- en vriendskaplike galas, wat waardevolle ervaring bied ter voorbereiding vir die interhoër. Hoërskool Montana beskik ook oor 'n gevestigde swemklub by die skool wat ekstra en gespesialiseerde oefening moontlik maak vir swemmers wat hul potensiaal verder wil ontwikkel.
Ons is trots daarop dat ons swemprogram in 2025 deur Swem Suid-Afrika as 'n High Performance Centre aangewys is en dat ons in 2026 aan die A-bond Swem Interhoër deelneem. Hierdie erkenning weerspieël die hoë standaard van ons afrigting en die toewyding van ons swemmers.
Ons swemmers se prestasies spreek vanself. Ons het twee swemmers wat aan die Suid-Afrikaanse Oopwaterkampioenskappe deelneem, twee wat aan die Swem Suid-Afrika Nasionale Jeugkampioenskappe deelneem en twee wat aan die Swem Suid-Afrika Nasionale Juniorkampioenskappe deelneem - prestasies waarop ons besonder trots is. Daarbenewens neem verskeie van ons swemmers deel aan die Vlak 3 Streekskampioenskappe, wat hul toewyding, harde werk en passie vir die sport bevestig.
Hoërskool Montana is ook aktief betrokke by die ontwikkeling van swem in ons gemeenskap. Jaarliks in Maart bied ons die Montana Guppy Gala vir omliggende laerskole aan - 'n geleentheid wat jong swemmers aanmoedig om hul talent te ontdek en die sport verder te geniet.
Ons nooi alle jong swemmers uit om deel te word van die trotse swemtradisie van Hoërskool Montana. Met uitstekende fasiliteite, toegewyde afrigters en 'n kultuur van harde werk en prestasie streef ons daarna om elke swemmer te help om sy of haar volle potensiaal te bereik. Kies Hoërskool Montana as die toonaangewende skool vir swem in die noorde van Pretoria - 'n plek waar talent ontwikkel word, geleenthede geskep word en waar ons saam na hoër hoogtes streef.



**TAFELTENNIS:** Tafeltennis is een van die gewildste binnenshuise sportsoorte by Hoërskool Montana en geniet groot deelname onder leerders. Meer as 40 spelers het reeds gedurende die afseisoen aan oefensessies deelgeneem, wat die groei en entoesiasme vir die sport duidelik weerspieël.
Onder leiding van mnr. Danie Olivier, 'n ervare Noord-Gauteng-tafeltennisspeler, neem ons spanne deel aan die A- en C-ligas van die Gauteng-Noord skolereeks. Ná 'n uitstekende 2025-seisoen is ons tweedespan bevorder van die D-liga na die C-liga - 'n besondere prestasie vir die skool.
Alhoewel tafeltennis 'n relatief nuwe sport by Hoërskool Montana is, het die span reeds hul merk gemaak deur op 'n mededingende vlak deel te neem. Ons sien uit daarna om teen Pretoria se top-skole mee te ding en voort te bou op die talent en potensiaal wat in ons spelers ontwikkel.

**TENNIS:** In Montieland begin tennisaktiwiteite reeds vroeg in die jaar en die entoesiasme onder spelers is duidelik sigbaar. In 2026 het ons 10 spanne in die liga ingeskryf, wat getuig van die groei en gewildheid van tennis by Hoërskool Montana.
Ons senior meisies het reeds hul seisoen afgeskop en lewer sterk vertonings. Met gereelde oefeninge op Maandae en Woensdae verbeter spelers se vaardighede voortdurend en ontwikkel hulle tot mededingende tennisspelers.
'n Hoogtepunt op die kalender is die gewilde Buffelspoorttoere, wat in Augustus vir senior spanne en in Oktober vir junior spanne plaasvind. Hierdie toere bied waardevolle wedstrydervaring en spanbougeleenthede.
Hoërskool Montana neem vanjaar in beide die A- en B-ligas deel, en ons sien met groot verwagting uit na die seisoen. Met die talent en toewyding van ons spelers is ons oortuig dat ons spanne uitstekend sal presteer.

# HOËRSKOOL MONTANA: WAAR VOETSPORE VAN UITNEMENDHEID BEGIN

Die hoërskooljare is 'n belangrike reis – 'n tyd waarin jongmense ontdek wie hulle is, hul talente ontwikkel en begin droom oor die toekoms. By Hoërskool Montana glo ons dat elke leerder die potensiaal het om 'n voetspoor van betekenis en uitnemendheid te los.
Ons skep 'n omgewing waar leerders aangemoedig word om groot te dink, hard te werk en hul beste te gee – akademies, op die sportveld, op kultuurgebied en in hul persoonlike groei.
Vir ouers beteken dit die gemoedsrus dat hul kind deel word van 'n skool waar sterk waardes, toegewyde onderwysers en uitstekende geleenthede saamwerk om jongmense toe te rus vir die lewe.
Hoërskool Montana bied uitsonderlike waarde vir skoolgeld – 'n belegging wat veel verder strek as net klaskameronderrig. Hier ontwikkel leerders selfvertroue, karakter en vaardighede wat hulle voorberei om eendag met trots hul voetspore in die wêreld te laat.

Die leerders en personeel laat jou tuis voel én sien jou raak. Met fantastiese sport en kultuur en 'n omgewing wat paaie oopmaak, geleenthede skep, waardes uitleef en karakter bou, is Montana die ideale keuse vir enige Gr. 7-leerder wat groot wil droom.
- Wilrich Kirsten

## VERRYKING

By Hoërskool Montana glo ons dat ware groei nie net in die klaskamer plaasvind nie. Elke ervaring, elke uitdaging en elke geleentheid dra by tot die voetspoor wat 'n leerder vorm.
Daarom bied Montana 'n wye verskeidenheid verrykende aktiwiteite waar leerders hul talente kan ontdek, hul passies kan ontwikkel en nuwe vaardighede kan aanleer.
Ons Monties se uitnemende prestasies in akademie, sport en kultuur getuig van 'n skool waar harde werk, deursettingsvermoë en trots hand aan hand gaan.
Hier kry elke leerder die kans om te groei, te ontwikkel en hul eie voetspoor van uitnemendheid te begin.

**WETENSKAP EKSPO:** By die Monties glo ons daarin om nuuskierigheid aan te wakker en jong denkers die geleentheid te gee om hul idees in werklike navorsing te omskep. Deelname aan die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes bied presies só 'n platform. Hierdie nasionale kompetisie daag leerders uit om hul eie wetenskaplike ondersoeke te beplan, data te versamel, eksperimente uit te voer en hul bevindings krities te ontleed – 'n proses wat sterk ooreenstem met die tipe werk wat van universiteitstudente verwag word. Dit verg maande se voorbereiding, deeglike beplanning en 'n groot dosis deursettingsvermoë.
In 2025 het verskeie Monties hul merk gemaak. Jason Dauth en Morgan Steyn het deurgedring na die Streek Ekspo en 'n bronsmedalje verwerf vir hul projek oor slimmer snelwegverligting, waar voertuigdeteksiesensors gebruik word om nagbestuur veiliger en meer energie-doeltreffend te maak. James McCarthy en Adriaan van Staden het silwer verwerf vir hul projek Living Walls, Living Solutions en is ook met halfkleure vereer. Divan Oosthuizen het vir die tweede jaar in 'n ry silwer verwerf vir sy projek Green Building en is boonop gekortlys vir die International Science Fair 2025 – 'n besondere prestasie.

**PRAKTIESE WERK:** Praktiese lesse bring handboeke tot lewe en speel 'n kernrol in die Montie-leerervaring. Waar moontlik word teorie met praktiese aktiwiteite geïntegreer sodat leerders konsepte beter kan verstaan en onthou. Deur self eksperimente uit te voer, ondersoeke te doen en idees prakties toe te pas, ontwikkel hulle nie net 'n dieper begrip van die werk nie, maar ook noodsaaklike vaardighede soos kritiese denke en probleemoplossing.

**OLIMPIADES EN VASVRAKOMPETISIES:** Monties is skerp denkers wat graag hul kennis en vernuf teen ander meet. Leerders neem gereeld deel aan verskeie olimpiades, onder andere in Natuurwetenskappe, Wiskunde, Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie en Wêreldkennis. Hierdie kompetisies bied 'n uitstekende geleentheid om akademiese vermoëns te slyp en uitdagings met selfvertroue aan te pak. Monties gryp ook elke geleentheid aan om hul kennis in vasvrakompetisies te toets - 'n ervaring wat nie net algemene kennis uitbrei nie, maar ook spanwerk, vinnige denke en gesonde kompetisie bevorder.

**MONTIES GEE OM:** Monties glo in die krag van gemeenskapsbetrokkenheid en sosiale verantwoordelikheid. Liefdadigheidsprojekte vorm 'n integrale deel van ons skool se etos en bied leerders die geleentheid om 'n positiewe verskil in ander se lewens te maak.
Deur Monties Gee Om word verskeie inisiatiewe deur die jaar aangepak – van fondsinsamelings tot praktiese hulp en vrywilligerswerk. Hierdie projekte kweek deernis, empatie en 'n sterk diensgerigtheid. Leerders ervaar eerstehands hoe selfs 'n klein daad van vriendelikheid 'n groot impak kan hê en leer dat samewerking 'n beter gemeenskap bou.







Montana is die beste hoërskool vir enige leerder en bied die ondersteuning wat kinders nodig het om te groei.
- Daniel Kotze

It's the best place to be, with the perfect balance between sport and academics.
- Phathutshedzo Sethuga

Die talle geleenthede, omgee-onderwysers en 'n opregte skoolkultuur maak Montana besonders. Ons staan uit, ons kompeteer sterk en daar is iets vir ALMAL. Ek weet ek het die regte keuse gemaak.
- Viné Nel




## LEERDERONDERSTEUNING

Montana bied omvattende ondersteuning om elke leerder se sukses te verseker.
**JUNIOR AANLEGTOETSE & BELANGSTELLINGSVRAELYSTE** (graad 9) help leerders om ingeligte vakkeuses vir graad 10 te maak.
**GRATIS EKSTRA KLASSE** vir alle vakke word op Woensdae, of soos deur vakonderwysers gereël, aangebied.
**STUDIEMETODEKLASSE** help leerders om slimmer te studeer en meer doelgerig voor te berei.
**INTERVENSIEPROGRAMME EN WINTERSKOOL** ondersteun graad 12-leerders met hul eksamenvoorbereiding.




## DISSIPLINE

By Montana glo ons: **"Gedissiplineerde kinders is gelukkige kinders".** Ons dissiplinêre beamptes en onderwysers verseker dat ons gedragskode konsekwent, regverdig en met integriteit toegepas word. Dit skep 'n positiewe, veilige en gestruktureerde skoolomgewing waar elke leerder kan floreer.

## LEIERSKAP

Sterk, waardegedrewe leierskap word deur ons Skoolbestuur, Beheerliggaam en ondersteunende komitees verseker.
**VLR:** Leerderleierskap kry erkenning en ontwikkel binne die VLR, met ampsdraers soos presidente, vise-presidente en komiteevoorsitters. Ons Leierinstituut rus leerders in alle grade toe om verantwoordelikheid te neem, visie te ontwikkel en met integriteit te lei.
**JUNIOR STADSRAAD:** Een VLR-lid uit Graad 10, 11 en 12 word jaarliks verkies om Montana in die *Junior Stadsraad* te verteenwoordig. Hier werk hulle saam met leerders van ander skole om projekte te loods en 'n positiewe verskil in Pretoria te maak.



'N SLIM BELEGGING VIR JOU KIND SE TOEKOMS

# NUWE GRAAD 8's

## 'N WARM MONTANA-VERWELKOMING

By Montana begin elke hoërskoolreis met opwinding, trots en 'n sterk gevoel van behoort. Ons nuwe graad 8's word in hul eerste week met 'n energieke verwelkomingsprogram aan Montieland bekendgestel. Hierdie program, aangebied deur ons senior VLR-lede, fokus op spanbou, tradisie en pret – alles in 'n positiewe, ondersteunende omgewing waar elke leerder tuis kan voel.

Die week is propvol hoogtepunte: die eerste dag in Montieland met laerskoolklere, 'n graad 8-atletiekbyeenkoms, swemgala, spanbou-aktiwiteite, 'n graad 8-oueraand en natuurlik die gewilde groentjiekonsert. Gedurende hierdie week ontvang elke leerder ook 'n graad 8-inligtingsboekie om hulle te help om vinnig hul voete in Montieland te vind.

'n Besonderse tradisie wag aan die einde van die week. Ná die Groentjiekonsert lui die graad 8's die klok by die Montie-Pharus – ons Montie baken – en word hulle amptelik as volwaardige Monties verwelkom. Hierdie simboliese oomblik merk die begin van hul hoërskoolreis… en dieselfde klok sal weer aan die einde van hul matriekjaar gelui word om hul suksesvolle skoolloopbaan af te sluit.

Elke nuwe graad 8-leerder ontvang ook 'n gratis Montie-hemp van die Beheerliggaam as deel van hierdie spesiale verwelkoming – 'n eerste teken dat jy deel is van iets besonders.

By Hoërskool Montana begin 'n hoërskoolloopbaan met energie, tradisie en trots… en elke tree wat jy gee, los 'n spoor.

In Montana is daar 'n plek vir almal - of jy uitblink in sport, akademie of kultuur. Dit is die perfekte skool om jou hoërskool-avontuur te begin.
- Emily Combrink

*Dis* **L-E-K-K-E-R** *om 'n Montie te wees!*








# OUERBETROKKENHEID

Ouers speel 'n onmisbare rol in die sukses van Hoërskool Montana. Ons waardeer hul betrokkenheid opreg en moedig ouers aan om aktief deel te wees van ons Beheerliggaamkomitees. Hierdie komitees dra by tot 'n goed georganiseerde, dinamiese en vooruitstrewende skoolgemeenskap waarin elke leerder kan floreer.

Ons Montie-waardes is fenomenaal en iets waarna almal kan opkyk.
- Ilandi van Rensburg

## BEHEERLIGGAAMKOMITEES EN HUL WERKSAAMHEDE:

| | |
|---|---|
| **FINANSIES & DEBITEURE** | Verseker verantwoordelike en volhoubare finansiële bestuur. |
| **TERREIN EN INFRASTRUKTUUR** | Bestuur instandhouding en ontwikkeling. |
| **SPORTONTWIKKELING** | Bevorder groei, deelname en prestasie in sport. |
| **KULTUURONTWIKKELING** | Ontwikkel en ondersteun kulturele aktiwiteite en talent. |
| **SOSIAAL & OUERSKAKEL** | Bou verhoudings en versterk die skoolgemeenskap. |
| **DISSIPLINE** | Verseker 'n regverdige, konsekwente en effektiewe dissiplinêre sisteem. |
| **BEMARKING & BEELDBOU** | Bou en bevorder Montana se handelsmerk en ondersteun fondsinsameling. |
| **UITGEKONTRAKTEERDE DIENSTE** | Bestuur eksterne diensverskaffers en vennootskappe. |
| **REGSAKE** | Hanteer regsverwante skoolaangeleenthede met integriteit. |

Ons glo: **'n Betrokke ouer is 'n trotse ouer!**

*By Hoërskool Montana kry jy meer as 'n skool - jy kry 'n tweede huis.*








Ek is trots op my skool, want Montana leer jou belangrike waardes en dissipline. Hier het elkeen 'n plek, en daar is altyd iets waarin jy kan deelneem en groei.
- De Wet Loock





Montana het uitstekende afrigters en 'n gees wat vir niks terugstaan nie.
- Gideon van den Berg

Om 'n Montie te wees, is 'n voorreg. Ons leef ons skool se waardes daagliks uit en leer elke dag iets nuuts.
- Johanné Ferreira









Om 'n Montie te wees, maak my trots - ons waardes, eenheid en ondersteuning bou karakter en dissipline.
- Tshiamo Mathabathe







Om nuwe leerders én onderwysers te ontmoet, is vir my ongelooflik lekker. Dis 'n groot voorreg om my skool se naam hoog te hou - want MONTIES is die beste skool in Pretoria!
- Calais Olivier

# KONTAKBESONDERHEDE

**Hoërskool Montana**
**h/v Dr. Swanepoel- en Sesdeweg**
**Montana**

**Posbus 151, Montana 0151**

**Tel: 012 548 0160**

GLO EN WERK
PUREMONTANA
*Het jy geweet?*

**/hsmontana pta amptelik**
**/hsmontanaoudmonties**

**www.hsmontana.co.za**

**Al ons jaarblaaie is elektronies op ons webblad beskikbaar (onder PUBLIKASIES)**